



Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
Jaarverslag 2023/24

WES-KAAPSE RAAD OP
DOBBELARY EN WEDRENNE

JAARVERSLAG

2023/24

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING	4
1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD	4
2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME	5
3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER	8
4. OORSIG DEUR DIE HOOFUITVOERENDE BEAMPTE	10
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAAKTHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG	12
6. STRATEGIESE OORSIG	13
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE	14
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR	17
DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING	20
1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAAKALDE DOELWITTE	20
2. OORSIG VAN PRESTASIE	20
3. VORDERING OM INSTITUSIONELE TREFKRAG TE VERKRY EN UITKOMSTE TE BEHAAL	32
4. INLIGTING OOR PROGRAMPRESTASIES	32
5. INVORDERING VAN INKOMSTE	44
6. KAPITALE BELEGGING	45
DEEL C: BESTUUR	48
1. INLEIDING	48
2. PORTEFEULJESKOMITEES	48
3. UITVOERENDE GESAG	48
4. REKENINGKUNDIGE GESAG - DIE RAAD	48
5. RISIKOBESTUUR	62
6. INTERNE BEHEERENHEID	65
7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE	65
8. NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES	66
9. BEDROG EN KORRUPTIE	66
10. MINIMALISERING VAN KONFLIK VAN BELANGE	67
11. GEDRAGSKODE	67
12. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSAKE	67
13. MAATSKAPPYSEKRETARIS	67
14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID	67
15. VERSLAG VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE	68
16. PRESTASIE-INLIGTING OOR NAKOMING VAN DIE BBSEB	71
DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR	74
1. INLEIDING	74
2. OORSIGSTATISTIEKE VAN MENSLIKE HULPBRONNE	76
DEEL E: NAKOMINGSVERSLAG VAN DIE WOFB	82
1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN WERKLIKE VERLIESE	82
1.1. Onreëlmatige uitgawes	82
1.2. Vrugtelose en verkwistende uitgawes	84
1.3. Bykomende openbaarmaking met betrekking tot werklike verliese ingevolge Artikel 55(2)(b)(i) &(iii) van die WOFB.	85
2. LAAT EN/OF NIE-BETALING VAN VERSKAFFERS	86
3. VOORSIENINGSKETINGBESTUUR	86
3.1. Verkryging op ander wyse	86
3.2. Kontrakvariasies en uitbreidings	86
DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING	88



DEEL A: Algemene Inligting

1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD

NAAM:	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
FISIESE ADRES:	Fairwayslot 24 Fairway Terraces Parow Kaapstad 7500 Republiek van Suid-Afrika
POSADRES:	Posbus 8175 Roggebaai 8012
TELEFOONNOMMER/S:	+27 21 480 7400
E-POS ADRES:	ceo@wcgrb.co.za
WEBWERF-ADRES:	www.wcgrb.co.za
EKSTERNE OUDITEURE:	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
BANKIERS:	Nedbank
SEKRETARIS VAN DIE RAAD:	Heinrich Brink

2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

Die volgende lys bevat al die afkortings/akronieme wat regdeur die jaarverslag gebruik word, ongeag op watter afdeling van die jaarverslag dit betrekking het:

Afkorting / Akroniem	Beskrywing
ADFIN	Administrasie en Finansies
AERP	Algemeen-erkende Rekeningkundige Praktyk
BBSEB	Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BU	Bedryfsuitgawes
BBP	Bruto Binnelandse Produk
BDI	Bruto dobbelary-inkomste
BUM	Beperkte Uitbetalingmasjiene
Capex	Kapitaalbesteding
CATHSSETA	Kultuur, Kuns, Toerisme, Gasvryheid en Sport Sektor Onderwys en Opleiding Gesag
COVID 19	Coronavirussiekte 2019
DB	Diensbillikheid
DHNM	Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging
DvA	Departement van Arbeid
Dvi	Departement van Infrastruktuur
FIK	Finansies Inligtingstegnologiesekomitee
FIS	Finansiële Intelligensie Sentrum
FJ	Finansiële Jaarstate
Grondwet	Die Nasionale Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
HFB	Hoof Finansiële Beampte
HHA	Hoogste Hof van Appèl
HUB	Hoofuitvoerende Beampte
HvD	Hoof van die Departement
ICU	Internasionale Casino-uitstalling
IDSA	Instituut van Direkteure van Suid-Afrika
IJM	In-jaar Monitering
IKT	Inligting en Kommunikasie-tegnologie
IT	Inligtingstegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KMB	Korporatiewe Maatskaplike Belegging
Kvi	Koste van Indiensneming
LDT	Langdienstoekenning

ALGEMENE INLIGTING

Afkorting / Akroniem	Beskrywing
LUR	Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad
MH	Menslike Hulpbronne
MHB	Menslike Hulpbronbestuur
Minister	Wes-Kaapse Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede
MKK	Komitee vir Mensekapitaal
MTBBV	Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NDR	Nasionale Raad op Dobbelary
NTR	Nasionale Tesourie-regulasies
NWD	Nasionale Wet op Dobbelary
NWM	Nie-vir-Wins Maatskappy
OBAD	Onafhanklike Berading en Adviesdienste
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OO	Organisatoriese ontwikkeling
ORRO	Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure
OOK	Ononderbroke Kragtoevoer
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORK	Openbare Rekeninge Komitee
PA	Prestasie-aanwyser
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
PAJA	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000
PLO	Provinsiale Lisensiëringsowerheid
POPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
PRWK	Provinsiale Regering van die Wes-Kaap
PTR	Provinsiale Tesourie-regulasies
Raad	Kollektief van nie-uitvoerende raadslede
RHP	Rampherstelplan
SA	Senior Advokaat
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie-dienste
SASVD	Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelary
SBP	Standaard Bedryfsprosedure
SKD	Skakelkomitee vir Dobbelary
SKF	Staande Komitee vir Finansies
SKFEGT	Staande Komitee vir Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme
SR	Strategiese Risiko

Afkorting / Akroniem	Beskrywing
TAB	Tegniese Aanwyser Beskrywing
Tipe A BUM-terrein	BUM-persele met tot 5 BUM'e
Tipe B BUM-terrein	BUM-persele met 6 tot 20 BUM'e
Tipe C BUM-terrein	BUM-persele met 21 tot 40 BUM'e
Tipe D BUM-terrein	Onafhanklike BUM-perseeloperateur
TR	Tesourieregulasies
UK	Uitvoerende Komitee
VBD	Voorafbepaalde doelwit
VDK	Verantwoordelike Dobbelarykomitee
VKB	Voorsieningsketteringbestuur
VOT	Vervaardiger van Oorspronklike Toerusting
VPI	Verbruikersprysindeks
WBV	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993
Wes-Kaap	Die Provinsie Wes-Kaap
WET	Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996
WGI	Wet op Gelyke Indiensneming
WK	Wes-Kaap
WKDvI	Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur
WKPT	Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie
WKRDW	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
WoA	Wet op Arbeidsverhoudinge
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WVH	Werk van die huis af
WVP	Werkvaardigheidsplan
WWP	Werknemerwelstandsprogram

3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

Ek lê graag die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (WKRWD) se jaarverslag vir die 2023/2024-verslagtydperk voor. Die WKRWD is met die proklamasie van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996, daarby ingesluit. Ingevolge Bylaag 3C van die WOFB is die WKRWD 'n provinsiale openbare entiteit.

Die WKRWD se hoofmandaat, soos deur wetgewing bepaal, is om die dobbelarybedryf in die Wes-Kaap te reguleer. Sy bykomende mandaat sluit in om op 'n vernuwend en maatskaplik verantwoordelike wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap by te dra.

Die dobbelarybedryf het gedurende die 31 Maart 2024 finansiële jaar aansienlike toename in bruto inkomste beleef en dobbelarybelasting en -heffings ten bedrae van R1,5 miljard is vir die 31 Maart 2024 finansiële jaar deur die Wes-Kaapse Dobbelary- en Wedrenraad ingevorder.

Dobbelary word hoofsaaklik gereguleer deur geskikte, bekwame persone en entiteite te lisensieer om dobbelarybedrywighede in die Provinsie uit te voer en om te verseker dat die dobbelbedryf aan nasionale en provinsiale wetgewing voldoen. Die Raad ontsluit ekonomiese geleenthede deur die lisensieringproses wat dan ook tot ekonomiese transformasie lei.

Die Raad het 'n wetlike mandaat as 'n Reguleerder en lisensie-owerheid om die beginsels van die BBSEB in die industrie wat dit reguleer, af te dwing.

Benewens die BBSEB-doelwitte vir transformasie, het lisensiehouers in verskeie verbintenisse met Korporatiewe Maatskaplike Belegging in die verskillende streke getree. Die WKRWD gaan voort om aan die uitspraak oor die BBSEB (Tsogo Sun Caledon (Pty) Ltd and Others v Western Cape Gambling and Racing Board and Another (Saak no 89/2021) [2022] ZASCA 102 (24 Junie 2022) te voldoen en het 'n beleid vir die Wes-Kaapse Dobbelbedryf geskep wat vir die dobbelbedryf uitgerol word.

Die WKRWD is verheug om aan te dui dat die bedryf R30,7 miljoen tot die Korporatiewe Maatskaplike Belegging-programme (KMB) vir die verslagtydperk bygedra het.

Die wettige aantal Raadslede is sewe nie-uitvoerende lede. Hierdie sewe lede is die kollektiewe Rekenpligtige Gesag van die WKRWD. Die kworum vir 'n Raadsvergadering is vyf lede. Gedurende die oorsigjaar het die WKRWD sewe aangestelde lede gehad en is gevolglik konstitusioneel volledig.

Raadslede se bepalings word in Deel C vanaf bladsy 4 uitgebeeld.

Die Ministerie stel tans raadslede vir 'n termyn van vier jaar aan. Dit bied kontinuïteit en gee aan Raadslede tyd om hulself te bekwaam om hul funksies by die WKRWD met vaardigheid uit te voer.

Die personeelstruktuur van die WKRWD is vir ten minste die laaste 15 jaar konstant. Die dobbelbedryf het egter gedurende hierdie tydperk eksponensieel ontwikkel en gegroei met die gevolg dat die WKRWD se hulpbronne om sy funksies optimaal te bereik onder groot druk is om aan die verwagtinge van lisensiehouers te voldoen.

Die WKRWD het 'n diensverskaffer aangestel om sy struktuur en die hulpbronne wat nodig is om sy mandaat doeltreffend na te kom, te evalueer. Hierdie beoordeling is deur die WKRWD-raad voltooi en goedgekeur, maar die Raad sal finansiële hulp benodig om die voorgestelde aanbevelings te befonds.

Alle besluite wat finansiële implikasies inhou is egter aan ministeriële goedkeuring onderhewig en die WKRWD het dus nie die gesag om sy inkomstestroom te verhoog sonder die goedkeuring van die betrokke Minister nie.



Mnr C Bassuday
Voorsitter van die Raad

Die WKRWD se inkomstestrome word deur wetgewing bepaal en aangesien dit geen magtiging het om enige wysigings aan te bring nie is die Raad dus van die Wes-Kaapse Regering afhanklik vir enige wetgewingwysigings.

In 'n onlangse openbare entiteitsoorsig deur die WKPT is bevind dat die WKRWD se vergoeding vir senior personeel van die laagste in provinsiale openbare entiteite was. In vergelyking met die ander Suid-Afrikaanse regulerende dobbelaryrade, is die vergoedingstruktuur ook laer as die meeste van hulle. Dit is tot nadeel van die WKRWD wat derhalwe die risiko loop om van sy belangrike werknemers aan ander entiteite af te staan.

Die Raad het besit geneem van sy nuutverworwe kantoorakkommodasie by Fairwayslot 24, en is tans besig om 'n toepaslik gekwalifiseerde projekbestuurder te vind om die gebou op te knap en toe te rus.

Nieteenstaande die uitdagings het die WKRWD sy mandaat nagekom.

Die WKRWD het 'n ongekwalifiseerde oudituitskoms behaal en 74% van sy prestasie-aanwysers bereik.

Mediumtermyn doelwitte

Die proses om die tipe B-BUM'e van stapel te stuur is goed op dreef en ontplooiing behoort teen die derde kwartaal van die 2024/25-finansiële jaar te begin. Daarbenewens sal die WKRWD sy bekendstelling van tipe C- en D-BUM'e sowel as Bingo hersien en beplan. Dit sal nie net 'n marginale uitwerking op die WKRWD se inkomstestroom sowel as belasting vir die WKD Fiskus hê nie, maar ook ag slaan op die versoek van die bedryf dat hierdie wetgewende aanbiedinge beskikbaar gestel word.

Die WKRWD sal, ten spyte van dit alles, met toegewyde aandag die samelewing teen die oorstimulering van dobbelary beskerm, 'n regverdige en lewensvatbare dobbelbedryf in die Wes-Kaap Provinsie bevorder, en ekonomiese bemagtiging van histories-benadeeldes en die bevordering van ekonomiese groei, ontwikkeling en indiensneming voorstaan.

Navorsing om verantwoordelike dobbelmaatreëls in die Wes-Kaapse dobbelbedryf te verbeter word indringend deur die WKRWD ondersoek asook beleide en planne wat ontwikkel is vir gefaseerde instelling regdeur die bedryf.

Die WKRWD sal gedurende die 2024/5 fiskale jaar sy Strategiese Plan vir die tydperk 2025-2030 ontwikkel.

Erkennings

Ek gee hiermee erkenning en dank aan die Provinsiale Minister Mireille Wenger vir haar onskatbare ondersteuning en begrip van die WKRWD, die WKPT, die SKF en die ORK vir hul ondersteuning en leiding, mede-raadslede, die WKRWD Oudit- en Risikokomitee vir hul toesig en leiding om die Raad se mandaat te bereik en die WKRWD se uitvoerende gesag en werknemers wat nieteenstaande kompleksiteite en hindernisse as gevolg van onvoldoende hulpbronne hul pligte doeltreffend uitgevoer het. Hulle pogings word erken en met dank waardeur.

Claude Bassuday
Voorsitter
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2024

4. OORSIG DEUR DIE HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE

Aanvaar asseblief 'n oorsig van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se finansiële prestasie vir die fiskale jaar geëindig 31 Maart 2024.

Die WKRDW was nie in staat om gedurende die tydperk onder oorsig finansiële selfvoorsiening te bereik nie en hierdie tendens sal na verwagting gedurende die 2024/25-finansiële jaar voortduur. Die Wes-Kaapse Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne (Wet 19 van 2021) wat bedoel was om die WKRDW van 'n moontlikheid te voorsien om finansiële selfvolhoubaarheid te bereik, is herroep. Dit laat die WKRDW steeds afhanklik van die Wes-Kaapse Regering om sy begrotingstekort deur middel van 'n staatstoelaag te befonds. Die WKRDW is slegs gemagtig om gewettigde fondse in te samel wat, aangesien die eksklusiwiteitsfooie verval het, nie voldoende was om sy bedrywighede te finansier nie.

Die WKRDW se gekombineerde OPEX- en CAPEX-begroting vir die tydperk onder oorsig was R108,3 miljoen. Sy werklike gesamentlike OPEX- en CAPEX-besteding het R98,5 miljoen beloop. Tesame met 'n oorinsameling van fooie, het die WKRDW 'n kontantsurplus van R15,8 miljoen vir die jaar onder oorsig behaal.

Die WKRDW is ten volle bewus van sy mandaat en poog om dit met sy beskikbare hulpbronne na te kom. Vir hierdie doel poog die WKRDW om sy mandaat op die mees koste-effektiewe wyse na te kom en streef daarna om soveel moontlik van sy begrotingsbefondsing te bespaar sonder om sy mandaat in te boet. Besparings in begroting-vergelykbare uitgawes was R9,8 miljoen vir die jaar onder oorsig.

Met die toenemende uitbreiding van die dobbelbedryf in die Wes-Kaap, is die menslike hulpbronne skaars en onvoldoende vir die doeleindes van die WKRDW. Die steeds toenemende vraag na menslike hulpbronne is 'n teelaarde vir 'n ondergemotiveerde personeeldiens. Tot op hede het werknemers van die WKRDW daarin geslaag om leemtes te vul en om in te staan waar nodig om sy mandaat na te kom, maar die eise aan personeel kan nie volgehou word nie. Soos deur die Voorsitter genoem het die WKRDW 'n hersiening van sy struktuur aangevra en die voorstel goedgekeur. Die nodige befondsing om die voorstel in te stel is egter nog nie beskikbaar nie en eise aan die werknemers sal dus dienooreenkomstig voortgesit moet word.

Meer as R1,5 miljard is vir die jaar onder oorsig deur belastingoudits en bevestigde dobbelbelasting vir die Wes-Kaapse fiskus deur die WKRDW ingevorder.

Hierdie toename in die Wes-Kaapse dobbelbedryf het die WKRDW se behoefte benadruk om sy hulpbronne te vergroot vir dienslewering in die bedryf, verbetering van sy verantwoordelike dobbelary maatreëls en om regverdige verspreiding van die KMB-befondsing te verseker.

Die WKRDW is besig om tipe B-BUM'e uit te rol en sal in die derde kwartaal van die 2024/5 fiskale jaar hieraan uitvoering gee. Dit sal dobbelbelasting verhoog, maar sal nie 'n beduidende toename in inkomste vir die WKRDW inhou nie. Die Raad sal die ontplooiing van ander wetgewende dubbelaanbiedinge hersien en oorweeg in 'n poging om sy inkomstestroom te verbeter. Hierdie aanbiedinge sal egter nie in die 2024/25-finansiële jaar ingestel word nie.

Die WKRDW het onlangs twee van sy uitvoerende personeel sowel as belangrike personeel in sy voorsieningsketteringbestuursafdeling verloor. Die belangrikste oorsaak hiervoor was die verskil in vergoeding aan werknemers in dieselfde kategorie tussen die verskillende Suid-Afrikaanse Dobbelaryrade en dié van die Stad Kaapstad. Hierdie tendens sal na verwagting nie binnekort gestuit word nie en die Raad oorweeg sy opsies om belangrike werknemers te behou.



Mnr P Abrahams
Hoofuitvoerende Beampte

Die WKRDW het sy nuwe kantoorakkommodasie in besit geneem, maar soos deur die Voorsitter in sy verslag gemeld, word volle okkupasie later in die huidige finansiële jaar verwag. Op die oomblik gebruik die WKRDW 'n hibriede werk-van-huis/werk-van-kantoor-stelsel totdat die gebou ten volle benut kan word.

Kostestygings en dienste wat deur die Dvl hanteer sou word moet nou deur die WKRDW gefinansier word. Dit bly 'n onvoltooide begrotingsprojek en word dringend aangespreek. Daar is geen ander onvoltooide begrotingsprojekte nie.

Die WKRDW gaan voort om as 'n lopende saak-entiteit te funksioneer en het vir toelaes deur die WKR begroot om sy begrotingstekort te finansier. Die Raad sal egter finansiële steun moet vind om sy behoefte aan verhoogde menslike kapitaalhelpbronne te finansier. Hierdie aangeleentheid geniet aandag en sal tydens die Raad se nuwe strategie-beplanning bespreek word.

Die WKRDW het die OGSA se aanbevelings uitgevoer en streef steeds na volle nakoming van alle voorskrifte en instruksies.

Erkennings

Die WKRDW erken met dank die bydrae en ondersteuning van sy jaareinde 31 Maart 2024 Minister, Me M Wenger, die goeie advies van die SKF en die ORK sowel as die bystand van die WKPT, die OG (SA) en sy Interne Ouditeure.

Dit is met dankbaarheid dat die WKRDW erkenning gee aan die reuse pogings en toewyding van sy Raadslede, die Oudit- en Risikokomitee en werknemers van die WKRDW vir hul bydrae tot die sukses van die 2023/24 finansiële jaar.

Die WKRDW wens advokaat Deidre Baartman sukses toe in haar portefeulje as Minister van Finansies en as die verantwoordelike Minister vir die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne.

Mnr P Abrahams
Hoofuitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2024

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAAKTHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG

Na die beste van ons kennis en oortuiging bevestig ons die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag geopenbaar word, stem ooreen met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-generaal geaudit is. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en is vry van enige weglatings. Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie. Die Finansiële Jaarstate (Deel F) is opgestel in ooreenstemming met die AERP-standaarde wat op die Raad van toepassing is.


Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting gemaak word. Die Rekenpligtige Owerheid is verantwoordelik vir die daarstelling en instelling van 'n interne beheerstelsel wat ontwerp is om redelike versekering te gee oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie- en menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate.

Die eksterne ouditeure word aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na ons mening is die jaarverslag 'n regverdige weerspieëling van die bedrywighede, inligting oor menslike hulpbronne en die finansiële sake van die Raad vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2024.



Mnr P Abrahams
Hoofuitvoerende Beamppte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2024



Mnr CA Bassuday
Voorsitter van die Raad
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2024

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Om erken te word as die toonaangewende regulerende dobbelgesag vir vernuwende, volhoubare sakepraktyke en die maksimalisering van ekonomiese geleenthede op 'n sosiaal-verantwoordelike wyse.

6.2 Missie

Om dobbelary in die Wes-Kaapse Provinsie te beheer en te reguleer om:

- 'n stabiele, regverdige, konsekwente en effektiewe regulatoriese omgewing te skep;
- openbare sekerheid en vertroue in 'n omgewing vry van korrupsie en onwettige dobbel- en weddery-aktiwiteite te bevorder; en
- op 'n innoverende en maatskaplik-verantwoordbare wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap by te dra.

6.3 Waardes

In die uitvoering van hul kollektiewe funksies heg die Raad en sy kantoor die hoogste waarde aan:

- **Integriteit**
Die kenmerk om op 'n standvastige wyse aan 'n morele of etiese kode te voldoen en hoë professionele standaarde te handhaaf.
- **Deursigtigheid en aanspreeklikheid**
Die beginsel dat die Raad sy sake op 'n toeganklike, duidelike en sigbare wyse sal bedryf met toegang tot sy aktiwiteite en verantwoordbaarheid aan belanghebbendes en die algemene publiek.
- **Bevoegdheid**
Om 'n bevoegde en responsiewe regulerende owerheid te hê.
- **Vernuwing**
Om doeltreffende besigheidspraktyke met vernuwende oplossings en idees te skep.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

7.1 Grondwetlike mandaat

Die Raad se grondwetlike mandaat is afgelei van Bylae 4 van die Grondwet. Dit bepaal dat die regulering van casino's, wedrenne, dobbelary en weddenskappe (uitgesluit loterye en sportpoele) 'n gelyklopende wetgewende bevoegdheid van beide die provinsiale en nasionale wetgewers is. Die Raad moet, met die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy mandaat, die fundamentele regte van alle persone, soos verskans in Hoofstuk 2 van die Grondwet, nakom. Hoofstuk 6 van die Grondwet bepaal, onder andere, die wetgewende bevoegdheid van die verskillende provinsiale wetgewers. Verder los dit konflikte op gebiede van ooreenstemmende wetgewende bevoegdhede tussen nasionale en provinsiale wetgewing op. Hoofstuk 6 is van toepassing op die Raad se funksionering met betrekking tot sy insette ten opsigte van voorgestelde wysigings aan die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996.

7.2 Wetgewende mandaat

Die volgende nasionale en provinsiale wetgewende verordeninge is van toepassing op die Raad se werksaamhede:

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) soos gewysig

Hierdie Wet skets die basiese diensvoorwaardes vir werkplekke in Suid-Afrika en het 'n direkte invloed op werknemers van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne.

Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtigingswet, 2003 (Wet 53 van 2003) en Kodes soos gewysig

Hierdie Wet vorm die wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging en bemagtig die Minister van Handel en Nywerheid om kodes van goeie praktyk uit te reik en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. Die Raad dwing die wetgewende en beleidsdoelwitte oor Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging af deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers en voldoen aan die voorskrifte wat bindend op die Raad as 'n openbare entiteit is.

Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet is 'n wetlike raamwerk vir ongeskiktheidsvergoeding as gevolg van beroepsbeserings of siektes wat werknemers opgedoen het tydens hulle aan diens was of vir dood as gevolg van sodanige beserings of siektes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) soos gewysig en Regulasies

Hierdie Wet is 'n wettige raamwerk vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuursbeleid wat op die voorkoming of vermindering van ramprisiko, die versagting van ernstige rampe, noodgereedheid, vinnige en doeltreffende reaksie op rampe en na-rampherstel ingestel is. Dit maak voorsiening vir nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums met aandag op die rehabilitasie en funksionering van hierdie sentrums. Dit maak verder voorsiening om die funksies van die Nasionale Rampbestuur-adviesforum in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering te bring.

Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998) soos gewysig

Hierdie Wet is die wetlike raamwerk vir die uitkakeling van onbillike diskriminasie in die werkplek en skryf die prosesse en prosedures voor wat die Raad moet instel om 'n diverse en bevoegde werksaamhede daar te stel wat breedweg verteenwoordigend van die demografie van die Wes-Kaap is.

Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet 38 van 2001), soos gewysig ("FIS-wet")

Die FIS-wet het die Finansiële Intelligensiesentrum en Geldwassery-adviesraad in die lewe geroep om geldwassery en finansiering van terroriste en verwante aktiwiteite te bekamp. Ingevolge die wysiging aan die wetgewing is die Raad, saam met ander Provinsiale Dobbelrade, nie meer 'n toesighoudende liggaam nie, nieëstaande die feit dat die lisensiehouers van die Raad verantwoordbare instellings is.

Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)

Hierdie Wet vestig 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike regerings om interregeringsverhoudinge te bevorder en te bemiddel om voorsiening vir meganismes en prosedures te maak om interregeringsgeskille te bemiddel en te bevorder en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) soos gewysig ("WOA")

Die WAV reguleer en lei die Raad, om as 'n werkgewer, uitvoering te gee aan die regte, pligte en strukture wat ingevolge daardie Wet geskep is en sodoende arbeidsharmonie en demokratisering van die werkplek te verseker.

Wet op Nasionale Dobbelary, 2004 (Wet 7 van 2004) en Regulasies

Hierdie Wet sit die bevoegdhede van die nasionale en provinsiale dobbelrade met betrekking tot die regulering en beheer van dobbel en wedrenne in Suid-Afrika uiteen. Hierdie Wet, tesame met die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996, en die onderskeie Regulasies wat daarvolgens aanvaar is, is die statutêre mandaat van die Raad as Reguleerder. Hierdie Wet maak verder voorsiening vir eenvormige norme en standaarde vir dobbelary en wedrenne in die hele Republiek.

Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone tydens die gebruik van die aanleg en masjinerie, die beskerming van persone teen gesondheids- en veiligheidsgevaare wat uit of in verband met die werkplek ontstaan, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Raamwerk vir Voorkeurverkrigingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000) en Regulasies

Hierdie Wet vorm die raamwerk waarvolgens die Raad uitvoering moet gee aan die Grondwetlike imperatief om 'n billike, regverdige, deursigtige en kostedoeltreffende voorkeurverkrigingsbeleid en -stelsel in te stel.

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) ("PAIA")

Die PAIA skryf die statutêre proses voor waarvolgens aansoeke of versoeke om toegang tot inligting oorweeg en verwerk word en gee uitvoering aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting. Dit is van toepassing op beide private entiteite of organisasies en openbare instansies.

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) ("PAJA")

Die PAJA is uitgevaardig ingevolge artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is en die reg om skriftelike redes vir administratiewe optrede te versoek. As 'n openbare instansie is die Raad verplig om uitvoering aan die beginsels van prosedureel billike administratiewe optrede te gee soos deur hierdie Wet voorgeskryf.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) ("POPI") soos gewysig

POPI se doelwitte is, onder andere, om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word, te bevorder; om sekere voorwaardes in te stel om minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te bepaal; en om voorsiening te maak vir die daargestelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en om sekere pligte en funksies ingevolge hierdie Wet uit te voer. Sekere bepalinge van die POPI het op 11 April 2014 in werking getree. Artikels 2 tot 38; 55 tot 109; 111; en 114(1), (2) en (3) het op 1 Julie 2020 in werking getree, en artikels 110, en 114(4) op 30 Junie 2021. Die gevolg hiervan is dat alle organisasies teen 1 Julie 2021 aan die POPIA moes voldoen.

Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) ("WOFB") soos gewysig

Die Raad is 'n Bylaag 3C Provinsiale Openbare Entiteit en is gebonde aan die finansiële en begrotingsbestuursvoorskrifte van hierdie Wet. Die belangrikste doelwit van die WOFB is om seker te maak dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van staatsinstellings en -departemente doeltreffend en bekwaam bestuur word. Die WOFB maak voorsiening vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in die regering toevertrou is en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Hierdie Wet verskaf 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werksplekstrategieë te ontwerp en in te stel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter; om daardie strategieë in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk wat in die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995, beoog word in te sluit; om voorsiening te maak vir leerlingskappe wat tot erkende beroepskwalifikasies sal lei; om voorsiening te maak vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur middel van 'n heffing-toelaagskema en 'n Nasionale Vaardigheidsfonds; om voorsiening te maak vir indiensnemingsdienste en dit te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op heffing vir Vaardigheidsontwikkeling, 1999 (Wet 9 van 1999)

Hierdie Wet maak voorsiening vir die oplegging van 'n heffing vir vaardigheidsontwikkeling en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)

Dit is die hoogste wet van die land en omskryf, onder meer, Suid-Afrika se regeringstelsel, die rol en verantwoordelikhede van die verskillende sfere van regering, basiese menseregte van alle burgers, en skep 'n aantal Grondwetlike instellings.

Wes-Kaapse Wet op Dobbeldary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996) soos gewysig en Regulasies

Dit is die primêre wetgewing wat die Raad se regulatoriese funksies en bevoegdhede beheer. Dit gee, onder meer, 'n uiteensetting van die instelling en werksaamhede van die Raad, die tipe lisensies wat die Raad by magte is om te oorweeg asook die Raad se bronne van befondsing. Dit maak verder voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en fooie betaalbaar deur lisensiehouers, sowel as administratiewe boetes vir nie-nakoming.

7.3 Beleidsmandaat

Wes-Kaapse Dobbeldary- en wedrenbeleidsbepalings, 1999

Die Beleidsbepalings wat deur die Uitvoerende Raad aanvaar is, voorsien beleidsoorwegings om lisensies in verskillende kategorieë uit te reik, aansoekriteria wat oorweeg moet word, en verpligte bodvoorskrifte vir casino-operateurlisensies. Op 2 Julie 2021 het die hooggeregshof klousule 1.1(b) van die 1999-beleidsbepalings, wat die streekeksklusiwiteit vir die vyf casino's in die provinsie ingestel het, as ongeldig en van geen krag en effek verklaar nie. Die Hof het verder bepaal dat Klousule 1.1(c) en (d), wat die 10-jaar eksklusiwiteitstydperk spesifiseer wat op casino-operateurlisensies van toepassing is, met verloop van tyd verstryk het en nie meer geldig is nie. Die Hof het verder bevestig dat ingevolge die Wet, die Raad gemagtig is om aansoeke vir hervestiging van 'n casino te oorweeg.

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR

Soos op 31 Julie 2024



1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALED DOELWITTE

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika volg die nodige ouditprosedures vir prestasie-inligting om redelike versekering in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te gee. Die gevolgtrekking van die ouditprestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan bestuur ingesluit. Die bevindinge oor voorafbepaalde doelwitte word in die afdeling, "Verslag oor jaarlikse prestasieverlag" van die ouditeur se verslag ingesluit.

Verwys na bladsy 89 van hierdie Verslag vir die Ouditeursverslag, gepubliseer as Deel F: Finansiële Inligting.

2. OORSIG VAN PRESTASIE

2.1 DIENSLEWERINGOMGEWING

2.1.1 TOESIG OOR DIE RAAD

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne (WKRWD) is 'n statutêre liggaam wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne saamgestel is. Daar is twee vlakke van toesig oor die Raad se sake. Op nasionale vlak doen die NDR oorsig-evaluasies en op provinsiale vlak doen die Raad aan die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Provinsiale Minister van Finansies verslag. Die Provinsiale Parlementêre Oorsigkomitees is die Staande Komitee vir Finansies en die Komitee vir Openbare Rekeninge.

Die WKRWD is 'n Bylaag 3C WOFB provinsiale openbare entiteit met die unieke posisie om die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie as toesig of verantwoordelike departement te hê. Die reguleerders van dobbelay in die oorblywende agt provinsies doen verslag aan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling wie se hoofmandaat dit is om ekonomiese ontwikkeling tot groter voordeel van die openbare publiek te bevorder en dus ekonomiese geleenthede te skep.

2.1.2 BELANGHEBBENDES

As 'n provinsiale openbare entiteit, het die Raad 'n wye verskeidenheid belanghebbendes. Dit sluit die Wes-Kaapse Provinsiale Regering in, die Wes-Kaapse Minister van Finansies, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, personeel van die Dobbelayraad, gelisensieerde dobbelay- en wedderyentiteite, die Wes-Kaapse bevolking, verskaffers, die omgewing en die media. Minister Deidré Baartman is op 13 Junie 2024 as Provinsiale Minister van Finansies aangestel. Die WKRWD se beleid vir belanghebbendes vorm die meganisme en prosesse om konstruktiewe verbintenisse met sy belanghebbendes te ondersteun.

Die Nasionale Raad op Dobbelay doen toesig-beoordelings oor die PLO's ten opsigte van die regulatoriese aangeleenthede wat in Artikel 33 uiteengesit word, gelees met artikel 34 van die Nasionale Dobbelaywet. Daar word van die Raad verwag om inligting te deel rakende die verskillende aangeleenthede soos uiteengesit in Artikel 35 van die Nasionale Dobbelaywet en dit aan die Nasionale Dobbelayraad voor te lê.

Lisensiehouers van die Raad kry die geleentheid om Komiteevergaderings by te woon, en in sekere gevalle ad hoc Raadsvergaderings om verhoë aan die Raad te rig oor 'n betrokke dubbelsektor. Die publiek is welkom om die WKRWD se ope raadsvergaderings by te woon en vrae of bekommernisse by hierdie vergaderings te opper.

Ander belanghebbendes van die Raad sluit die Nasionale Dobbelayraad, die Provinsiale Dobbelayrade, Nasionale Tesourie, Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging, plaaslike regeringsowerhede (munisipaliteite) sowel as die wetstoepassingsagentskappe in.

Die Raad werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelay (SASVD) ten opsigte van opleidingsinisiatiewe, ingrypings vir behandeling vir probleemdobbelary, die SASVD-navorsingsinisiatiewe, probleemdobbelary asook statistiese inligting met betrekking tot selfuitsluitingsprogramme.

2.1.3 EKONOMIESE SITUASIE

Ontwikkeling in Suid-Afrika is vir etlike jare deur tekorte aan elektrisiteitsvoorsiening beperk. Deurlopende geskeduleerde kragonderbrekings (beurtkrag) het in 2007 begin en het sedert 2022 vererger. Die totale duur van die onderbrekings weens rotasiebeurtkrag, wat elk twee tot vier ure duur, was gelykstaande aan 289 dae in 2023, 'n toename vanaf 157 in 2022 en 48 in 2021. Hierdie ernstige elektrisiteitstekort

het ekonomiese aktiwiteite ontstig en besighede, waarvan baie op duur dieselopwekkers staatmaak, se bedryfskoste verhoog. Dit het ook ander infrastruktuur soos water, IT en dienslewering (gesondheid en onderwys) beïnvloed. Hoewel nuwe hervormings en beleggings oorweeg en ingestel word, sal beurtkrag na verwagting nog minstens twee jaar voortduur.

Sosio-ekonomiese uitdagings is deur swak strukturele ontwikkeling en die COVID-19-pandemie vererger. Suid-Afrika se BBP het tot sy voor-pandemiese vlakke herstel, maar die mate van herstel is deur talle strukturele beperkings, wat voortdurende kragtekorte en logistieke knelpunte insluit, belemmer. Indiensneming het toegeneem en in 2023 voortgeduur (790 000 werksgeleenthede is geskep wat meer is as voor die pandemie), maar die pas van werkskepping het nie tred gehou met die groeiende arbeidsmag nie, wat tot stygende werkloosheid gelei het. Die werkloosheidsyfer het in 2023 op 'n verhoogde 32,4% gestaan, met vroue en jeugdiges wat voortdurend meer geraak is. Ongelykheid bly onder die hoogste ter wêreld, en armoede is in 2023 op 62,7% geraam, wat gebaseer is op die bo-middel-inkomstevlak van die armoedelyn van 'n land, net effens onder sy pandemie-piek. Hierdie neigings het toenemende maatskaplike eise vir regeringsondersteuning ingehou, wat die volhoubaarheid van openbare finansies in gevaar kan stel as daaraan voldoen wil word.

Suid-Afrika het sedert sy oorgang na demokrasie in die middel-1990's aansienlike vordering gemaak om burgers se welstand te verbeter, maar die vordering het in die laaste dekade gestagneer. Die persentasie van die bevolking wat onder die boonste middel-inkomste-armoedelyn leef, het tussen 2005 en 2010 van 68% tot 56% gedaal, maar het sedertdien effens opwaarts geneig, tot 57% in 2015, en na raming het dit 62,7% in 2023 bereik.

Strukturele uitdagings en swak groei het vordering om armoede te verlaag ondermyn, wat verder deur die COVID-19-pandemie verskerp is. Stygende werkloosheid, wat 32,1% in die vierde kwartaal van 2023 bereik het, en reeds bokant die hoë pre-pandemioekers is, is 'n ernstige beperking om huishoudelike welsyn te bevorder. Die werkloosheidsyfer van 59,4% is die hoogste onder jeugdiges tussen die ouderdomme van 15 en 24 jaar.

Ander strukturele uitdagings het ook toegeneem, insluitend vervoer en logistiek as gevolg van swak bestuur van die staatsonderneming Transnet, diefstal en sabotasie, en benadeel Suid-Afrika se uitvoervermoëns.

Die twee sektor-ekonomie in Suid-Afrika is een van die hoogste en mees volgehoue ongelykheidskoerse ter wêreld, met 'n Gini-koëffisiënt verbruiksbesteding van 0,67 in 2018. 'n Nalatenskap van uitsluiting lei tot ernstige voortgesette ongelykheid en die aard van ekonomiese groei, dra nie tot verbetering van armoede by nie, en skep nie voldoende werksgeleenthede nie. Ongelykheid wat betref welgesteldheid is selfs hoër, en mobiliteit tussen geslagte is laag, wat beteken dat ongelykhede van geslag tot geslag oorgedra word met min verandering met verloop van tyd.¹

Ten spyte van die swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika, het die dobbelaybedryf aansienlike groei in bruto dobbelinkomste vir 2023FJ getoon.

Die Nasionale Dobbelayraad se Statistieke vir die 2022/23FJ:

- In die 2022/23FJ het die dobbelbedryf se bruto-dobbelinkomste (BDI) altesaam R47,2 miljard beloop, 'n toename van 37,0% vanaf die vorige finansiële jaar se inkomste van R23,2 miljard.
- Alle provinsies het die afgelope finansiële jaar positiewe BDI-groei ervaar, met die Wes-Kaap 'n groei van 42,9%.
- Die wedderybedryf se groei oor die afgelope drie finansiële jare het daartoe gelei dat sy inkomste casino's oortref het met 'n markaandeel van 50,3% vergeleke met 36,8% vir die casinosektor.
- Belasting/heffings wat deur die dobbelbedryf gegenereer is, het R4,1 miljard gedurende die 2022/23FJ beloop. Dit is 'n verhoging van 28,8% vanaf die vorige jaar se belasting/heffings van R3,2 miljard.
- Gauteng (28,0%) en die Wes-Kaap (25,3%) het die grootste deel van belasting/heffings in vergelyking met ander provinsies gegenereer.
- Die dobbelbedryf het histories teen koerse van ongeveer 7% voor die pandemie gegroei. Die hoë groei in jaarkoerse oor die afgelope twee jaar weerspieël die herstel van die pandemie en die stygende aanvraag na weddery.
- 2022/23FJ het die oorheersing van die wedderymark in die Suid-Afrikaanse dobbelbedryf verskans en sy markaandeel tot 50,3% uitgebrei, terwyl die ander drie metodes van dobbel die oorblywende helfte van die mark gedeel het.

¹ Die Wêreldbank

Die dobbelbedryf in die Wes-Kaap het 'n bruto bedrag van R12,2 miljard inkomste uit dobbelary vir 2023FJ gegenereer. Dit verteenwoordig 25,8% van die totale bruto inkomste uit dobbelary wat in Suid-Afrika vir 2023FJ gegenereer is.

Vir die 31 Maart 2024 finansiële jaar het die Raad dobbelarybelasting en -heffings ten bedrae van R1,5 miljard ingevorder, wat 'n toename van 40% sedert die vorige jaar is. Verwys na die tabel hieronder vir die jaar-tot-jaar vergelyking.

Belasting en heffings ingevorder	31 Maart 2024	31 Maart 2023
Provinsiale belastings	1 500 271 079	1 072 707 983
Jaarlikse lisensiegelde	4 001 958	3 891 309
Rente, boetes en strawwe	198 725	159 403
Totaal ingesamel	1 504 471 762	1 076 758 695

Belasting wat ten opsigte van Perdewedrenne en Weddery ingevorder word, verteenwoordig 65% van provinsiale belasting waarvan die meerderheid deur weddery op sport is.

2.1.4 BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die Raad het 'n mandaat om die dobbelbedryf te reguleer deur die lisensiëring van geskikte, en bekwame persone en entiteite om dobbelbedryghede in die provinsie aan te bied en om te verseker dat die bedryf aan die nasionale en provinsiale wetgewing vir dobbelary voldoen. Deur die lisensiëringsproses ontsluit die Raad ekonomiese geleenthede terwyl dit uitvoering aan ekonomiese transformasie en breë-basis bemagtiging gee, wat op beide nasionale en provinsiale vlak regeringsprioriteite is.

As Reguleerder en lisensie-owerheid, het die Raad die wetlike mandaat om die beginsels van die BBSEB in die bedryf wat dit reguleer af te dwing en om kwalifiserende kriteria vir die lisensies en ander goedkeurings wat uitgereik word, op te stel. Artikel 10 van die Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtigingswet 53 van 2023, soos gewysig ("BBSEB-wet") bemagtig die Raad om kwalifiserende kriteria te stel om lisensies en ander goedkeurings in die dobbelbedryf toe te ken. Die Raad hou toesig oor lisensiehouers se BBSEB-inisiatiewe, hul BBSEB-prestasies en nakomingsvlakke. Die Raad se sektorkomitees dien as hersienings- en advieskomitees vir die Raad en monitor die verskillende sektore van die bedryf se nakoming van lisensievoorwaardes wat deur die Raad opgelê word. Daarbenewens het die Raad BBSEB-doelwitvlakke vir elke gelisensieerde operateurhouer in die verskillende sektore van die dobbelbedryf gestel. Lisensiehouers se BBSEB-prestasies word jaarliks hersien, en verskillende voorwaardes word opgelê indien dit nodig, redelik en regverdigbaar is. Dit is om bemagtiging, transformasie en opheffing van persone wat bedoel is om voordeel uit die regering se transformasiedoelwitte te trek, te maksimaliseer.

Lisensiehouers wat nie vrystelling het om die BBSEB-kodes toe te pas nie, moet jaarliks deur 'n geakkrediteerde BBSEB-graderingsagentskap beoordeel word en sodanige graderingsertifikaat by die Raad indien. Waar lisensiehouers nie die BBSEB-doelwitte of voorwaardes nagekom het nie, moet die lisensiehouer inligting ter verduideliking verskaf vir sodanige nie-prestasie, en die maatreëls insluit wat getref sal word om die vereiste vlak of doelwit te bereik.

Benewens die BBSEB-doelwitte ten opsigte van transformasie, het lisensiehouers verskeie tenderverpligtinge vir Korporatiewe Maatskaplike Belegging in die verskillende streke nagekom, asook verskeie gepaardgaande welwillendheidsaksies wat aan die toegestaande lisensies gekoppel is. Hierdie verpligtinge word in lisensievoorwaardes uiteengesit en word jaarliks vir nakoming as deel van die Raad se lisensiehernuwingsproses geoudit. Die roete-operateurs, casino-operateurs en beroepswedder-sektore het korporatiewe maatskaplike beleggingsprojekte met meetbare planne en doelwitte. Volgens die sertifisering van die BBSEB-vlakke wat deur die geakkrediteerde verifikasie-agentskappe uitgereik is, presteer hierdie entiteite ook goed.

Die Nasionale Raad op Dobbelary van Suid-Afrika monitor en publiseer data op nasionale vlak oor die nasionale stand van transformasie en groei in die dobbelbedryf. Op beide nasionale vlak en in die Wes-Kaap Provinsie, dui data daarop dat die finansiële belang en aandeelhouding van die bedryf slegs in 'n paar groot rolspelers met belange in al die sektore van die dobbelbedryf gevestig is. Dit bring mee dat beheer gesentraliseer is en dat beleide deur alle sektore van die dobbelbedryf op dieselfde wyse toegepas word eerder as verskillende metodes in verskillende streke. Dit geld vir

belange van die casinos en roete-operateurs, met breër ekonomiese deelname by die BUM-persone en in die beroepsweddersbedryf. Deur verdere metodes van dobbel te lisensieër, sal die Raad, sodra dit goedgekeur is, 'n bemagtigende omgewing skep wat stukrag aan nuwe toetreders tot die mark sal gee en groter ruimte vir breë-gebaseerde bemagtiging bied.

Die Hoogste Hof van Appèl het 'n vier-fase proses uiteengesit waaraan die Raad uitvoering moet gee met die jaarlike hersiening van die BBSEB-verpligtinge van lisensiehouers. Gelei deur die Hof se waarnemings, het die Raad 'n nuwe BBSEB-beleid gefinaliseer. Voor die finale aanvaarding daarvan het dit in die loop van die 2023/24FJ skakeling met die bedryf vereis vir leiding aan die Raad vir die instelling van die BBSEB. Die beleid sit die BBSEB-doelwitte van die Raad vir die dobbel- en wedrenbedryf in die Wes-Kaap uiteen en skets die prosesse vir wetlike nakoming, prosedureel en substantief en op regverdige wyse, wat kwartaalliks en jaarliks onderneem moet word om die BBSEB-doelwitte te bereik.

2.1.5 UITBREIDING VAN DOBBELBEDRYF

Die Raad het 'n besluit geneem om die geleenthede vir dobbel wat tot dusver uitgerol is uit te brei deur ander maniere van dobbel in te sluit, soos in Artikel 27 van die Wet uiteengesit. Dit sluit die lisensiëring van Junkets, Bingo en Tipe B, C en D BUM-aanbiedinge in. Die Raad is altyd bewus van sy plig om teen oorstimulering van dobbelary te waak, sy plig om die risiko's en voordele van dobbel te balanseer en neem alle mededingende belange van die gemeenskap en 'n aansoeker om 'n lisensie in ag. Gevolglik het die Raad 'n openbare deelnameproses onderneem en die publiek en belanghebbende partye uitgenooi om kommentaar te lewer oor die wenslikheid om dobbelmetodes uit te brei. Die Raad sal steeds gelei word deur die relevante regsoorwegings en navorsing.

Daar is tans 3 000 gelisensieerde BUM'e in die provinsie om uit te rol. Tot op hede het die Raad Tipe A BUM-terreinlisensies ontplooi, wat terreinoperateurs toelaat om tot vyf (5) BUM'e vir klante in hul gelisensieerde BUM-persone beskikbaar te stel. Tipe B BUM-personeellisensies laat die uitrol van tot 20 BUM'e toe en Tipe C BUM-terreinlisensies tot 40 BUM'e in 'n gelisensieerde BUM-terrein. 'n Tipe D BUM-lisensie laat 'n onafhanklike terreinoperateur toe om tot 40 BUM'e vir dobbel beskikbaar te stel. Hierdie kategorieë BUM-terreinlisensies vereis bykomende regulatoriese goedkeurings met spesifieke beleggings- en regulatoriese vereistes om dit te bedryf. Die Raad stel die nodige maatreëls in plek om die uitrol van Tipe B BUM-persone te vergemaklik.

Afgesien van die ekonomiese winste vir 'n lisensiehouer en die dobbelbelasting wat die Provinsie toeval, skep die uitbreiding van dobbelgeleenthede werk en bied geleenthede vir nuwe toetreders tot die dobbelbedryfmark. Verder bevoordeel dit ook die breër gemeenskap deur korporatiewe maatskaplike belegging, infrastruktuur, ontwikkeling en opleiding van personeel, leerlingskapmoontlikhede en werksblootstelling.

2.1.6 ONTWIKKELINGE IN DIE INDUSTRIE

Sportweddenskappe

Sedert die pandemie het individue en besighede in talle sektore na aanlynhandel en digitalisering migreer. Dit het die groei in e-handel aangespoor, wat ook die eksponensiële groei in afgeleë wedderytransaksies deur middel van aanlyn-, selfoon- en telefoonmetodes versterk het. Gebruikers kan vanaf enige plek weddenskappe plaas sonder om 'n dobbellokaal of weddenskapperseel hoof te besoek. Gekoppel hieraan het die Raad groter belastinginvorderings ten opsigte van sportweddery via telefoon-, selfoon- en aanlynmetodes getoon. Weddenskappegebeurlikhede en spelaanbiedinge vir wedderyprodukte wat 'n groter verskeidenheid weddenskappe as beroepswedders bied, het geweldig uitgebrei.

Perdewedrenne

Die gewildheid van perdewedrenne as 'n weddenskapsgeleentheid het oor die afgelope paar jare afgeneem en daar was 'n merkbare afname in weddenskapbelasting in hierdie kategorie, beide in totalisator-weddenskappe (oop weddenskappe) en vaste-kans-weddenskappe.

'n Aantal nuwe voorstelle om weddenskappe op perdewedrenne positief te beïnvloed en kliënte te lok om terug te keer na wedrenlokale as 'n voorkeurbestemming, word deur die Totalisator-operateur ondersoek.

Interaktiewe/aanlyn dobbelary

Die internasionale en plaaslike uitbreiding van e-handel ondersteun die behoefte vir wettiging en regulering van interaktiewe dobbelary. Suid-Afrika handhaaf die statutêre verbod op interaktiewe of aanlyn dobbelary. Dit beteken dat daar geen wettige alternatiewe vir die publiek beskikbaar is om

aan onwettige dobbelary met ongelisensieerde en gewetenlose operateurs deel te neem nie. Hierdie ongelisensieerde operateurs betaal nie belasting nie, is nie gebonde aan verantwoordelike dobbelvereistes nie en skep nie betekenisvolle werk nie. Gelisensieerde operateurs word gedwing om met onwettige operateurs mee te ding, en dit blyk baie moeilik te wees om onwettige aanlyn-operateurs permanent te sluit. Dit is die staat se verantwoordelikheid om onwettige dobbeloperateurs aan te keer en te sluit, en die Raad het in hierdie verband aansienlike vordering gemaak.

Gelisensieerde operateurs word aan 'n streng lisensieringsproses onderwerp om te verseker dat die wettige dobbelbedryf vry van korrupsie en onwettige aktiwiteite is. Voorleggings deur die Raad is op nasionale vlak aan beleidmakers gedoen met die pleidooi dat meganismes ingestel word om interaktiewe dobbelary te lisensieer en te reguleer. Die Wetsontwerp op Afstandsdobbelary (B11-2024), is op 16 April 2024 in die Nasionale Vergadering van die Parlement ingestel. Die doel van die Wetsontwerp is om 'n regsgrondslag te verskaf om alle afgeleë dobbelaktiwiteite te reguleer en te beheer en om 'n doeltreffende en effektiewe reguleringsmetode vir afstandsdobbelary in die Republiek van Suid-Afrika te voorsien.

Konsep wysigingswetsontwerpe/Beleidsbepalings

Konsep wysigingswetsontwerpe wat voorsiening maak vir die hervestiging van casino's in die Wes-Kaap word steeds deur die WKPT oorweeg. Die Provinsiale Regering is besig om die beleid te hersien wat moontlik tot 'n nuwe beleidsregime vir die lisensiering en verdere uitrol van dobbelmetodes in die Provinsie kan lei.

Die Hooggeregshof het sekere afdelings van die Beleidsbepalings ongeldig en van geen krag en effek verklaar nie, terwyl ander met die verloop van tyd verval het. Die uitspraak het die weg gebaan vir Casino-operateurs om by die Raad aansoek te doen vir die hervestiging van hul bestaande gelisensieerde perseel na 'n ander gebied aangesien die vereiste dat daar 'n casino in elk van die vyf streke van die Provinsie geleë is, weggeval het. Die Raad het sedertdien 'n aansoek ontvang vir die verskuiwing van een van die omliggende casino's na die Metropool. Die Raad het die openbare deelnameproses voltooi en is besig om die aansoek te oorweeg.

Navorsingsinisiatiewe

Ingevolge Artikel 12(19) van die Wet is die Raad bevoeg om studies en ondersoeke na dobbelary in die hele provinsie te doen.

Die WKRDW het besluit om navorsing te laat doen oor die voorkoms van dobbelary in die provinsie, probleemdobbelary en om die bestuurstelsels van lisensiehouers te ondersoek. 'n Diensverskaffer is aangestel om die navorsing te doen wat op 31 Januarie 2025 afgehandel behoort te wees.

Die volgende aspekte sal nagevors word:

- (i) Die sosio-ekonomiese uitwerking van dobbelary in die Wes-Kaap;
- (ii) Die versadigingsvlak, aantal dobbelgeleenthede en die uitwerking van gelisensieerde dobbelgeleenthede;
- (iii) Omskryf en beoordeel die verskillende metodes om die nadelige uitwerking van dobbelary te voorkom en die bestuurstelsels van dobbelary en lisensiehouers; en
- (iv) Die uitwerking om die nadele van dobbelary te verminder of die voorsiening van verantwoordelike dobbelary-instrumente vir verantwoordelike dobbel.

Die Raad moet as 'n Reguleerder die ontplooiing van ander vorme van dobbelary en die verantwoordelike uitbreiding van die bedryf oorweeg om te waak teen oorstimulering van die latente vraag na dobbel. Navorsingsresultate sal dus die Raad se besluitneming inlig in soverre dit betrekking het op die goedkeuring van lisensies sowel as die Raad se benadering tot verantwoordelike planne vir dobbelary en om onwettige dobbelary uit te skakel.

Verantwoordelike dobbelary

Die risiko dat 'n persoon 'n probleemdobbelaar word, is 'n onbedoelde, maar 'n bekende gevolg van gewettigde dobbelary. Die Raad sal, onder die vaandel van die Komitee vir Verantwoordelike Dobbelary, voortgaan om deur verskeie inisiatiewe hul toe te spits op verantwoordelike dobbelary. Daar was die afgelope jaar 'n groter bewustheid by die publiek oor die voordeel van verantwoordelike dobbelary asook die gevare en skade van probleemdobbelary, en hulpbronne is vir persone wat wil hulp soek beskikbaar. Die lisensiehouers word aangeraai om bedag te wees op aanduidings van misbruik sodat potensiële probleemdobbelars sowel as risikospelers in 'n vroeë stadium bepaal word.

Terwyl die self-uitsluitingsproses 'n meganisme is om probleemdobbelars by te staan deurdat dit toegang tot gelisensieerde ondernemings sal beperk, is die doel van die Raad om die algemene publiek, sowel as die lede van die publiek wat dobbel, tot so 'n mate op te voed dat hulle nooit die stadium van selfuitsluiting hoef te bereik nie.

In die lig van die aantal selfuitsluitings in die huidige jaar in vergelyking met die vorige jaar, is dit redelik om te aanvaar dat die Raad se verantwoordelike bewustheidsinisiatiewe te opsigte van dobbel 'n mate van sukses behaal het. Die Kantoor van die Raad het vir die 2022/23-finansiële jaar 34 self-uitsluitings verwerk en vir die 2023/24 finansiële jaar 72. Dit is 'n toename van 53% sedert die vorige jaar.

Daar word voorsien dat wetgewing vir verantwoordelike dobbelary wat gedurende die 2024/25FJ in werking moet wees, die Raad se stryd teen probleemdobbelary wesenlik sal bevorder.

2.1.7 DIE RAAD SE BEWUSTHEIDSPROGRAMME

Ingevolge die aanhef van die Wet is dit duidelik dat dobbelary en wedrenne besondere risiko en gevare vir die Wes-Kaap Provinsie se inwoners inhou. Dit regverdig op sigself die oplegging van toepaslike beperkings en beheermaatreëls. Dit is dus belangrik dat die Raad die publiek opvoed oor die gevare van dobbelary en van lisensiehouers vereis om verantwoordelike maatreëls vir dobbelary te tref.

Die Raad skep voortdurend bewustheid oor sy doel en mandaat, wettige maniere van dobbel, probleemdobbelary en dienste wat beskikbaar is om mense te ondersteun wat as gevolg van dobbelary verliese geleë het. Dit maak ook die publiek bewus van onwettige dobbelary en hoe om dit aan te meld.

Die Raad het in samewerking met die Thusong-program gedurende die jaar onder oorsig vier (4) bewusmakingsprogramme aangebied wat veldtogte in sosiale media, radio, koerante sowel as persoonlike verbintnisse ingesluit het.

As deel van die Raad se Jaarlikse Prestasieverslag (JPV) vir die 2023/24FJ, het die Raad besluit om 'n Beraad vir Verantwoordelike Dobbelary gedurende November 2023 aan te bied. Die doel was om leiers in die bedryf bymekaar te bring en deur sinvolle besprekings, navorsing en deel van kennis veiliger en verantwoordelike dobbelary te bevorder.

Die Beraad is deur ongeveer 200 afgevaardigdes van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, dobbel- en wedderylisensiehouers gelisensieer deur die Wes-Kaapse Dobbelary- en Wedrenraad, die Nasionale Dobbelaryraad, provinsiale dobbelrade, die Suid-Afrikaanse Verantwoordelike Dobbelaryforum, die Suid-Afrikaanse Beroepsweddersvereniging, die Nasionale Perdewedrenowerheid van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Polisiediens, toetslaboratoriums, die Suid-Afrikaanse Dobbelaryvervaardigersvereniging, regsgeleerdes sowel as lede van die publiek bygewoon.

Daarbenewens was die Raad ook gasheer vir afgevaardigdes van ander dobbelrade in Afrika, soos die Botswana-dobbelowerheid, die Dobbelaryraad van Namibië en die Loteryraad van Namibië.

Die Raad het lisensiehouers genooi om bydraes tot die Beraad te lewer aangesien verantwoordelike dobbelary 'n gesamentlike poging van die Raad en sy lisensiehouers is. Vir hierdie doel het die Raad borgskappe ten bedrae van R846,500 ontvang, waarvan R677,000 kontantbydraes was. Die oorblywende bedrag van R169,500 was borgskap van 'n gratis lokaal.

Die Beraad het die gewenste uitkomst bereik en die Raad is besig om die resolusies wat uit die beraad voortspruit, in te stel.

2.1.8 UITSKAKELING VAN ONWETTIGE DOBBEL

Gedurende die jaar onder oorsig is 80 bewerings van onwettige dobbelary by die Raad aangemeld. Besonderhede van die bewerings word hieronder aangedui:

- 80 is binne 30 dae volledig ondersoek;
- 52 van die bewerings is as onwettige dobbelinstellings bevestig; en
- 28 bewerings was ongegrond.

Die Raad betuig sy dank teenoor die SAPD, provinsiale wetstoepassingsagentskappe en gemeenskapspolisieringsforums vir hul bystand gedurende die oorsigjaar. Sonder hul bystand sou die Raad nie onwettige dobbelary in gemeenskappe suksesvol kan uitskakel nie.

2.1.9 KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGING

Die WKRDW is 'n WOFB 3C Provinsiale Openbare Entiteit wat nie finansiële selfversorgend is nie en wat op staatstoelae staatmaak om sy begroting te finansier.

Kontant surplusse van die WKRDW word aan die WK Provinsiale Fiskus oorgedra en tensy die Raad vir spesifieke doeleindes aansoek doen om kontantsurplusse te behou is dit dus nie surplusfondse nie. Die WKRDW kan derhalwe nie enige korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe uit sy begroting finansier nie.

Die WKRDW vereis egter wel dat die dobbelbedryf korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe in hul verskillende gebiede moet finansier. Die Raad betrek daarom sy lisensiehouers by hul KSI-inisiatiewe en doen terreinbesoeke om die doeltreffendheid van die KSI-projekte te beoordeel. Dit moedig ook befondsing van volhoubare projekte aan.

2.1.10 TEGNOLOGIE EN INLIGTING

Tegnologiese vernuwings word as belangrike dryfvere vir tegnologiese, sosiale, ekonomiese en kulturele veranderinge beskou, veral vanuit 'n IKT-perspektief. ICT Innovations was die dryfveer om vinnige veranderinge teweeg te bring en het organisasies gemotiveer oor vernuwende benaderings vir alledaagse besigheidspraktyke.

Organisasies kom wêreldwyd voor unieke uitdagings te staan, en om kontinuïteit in besigheid te verseker is herevaluering van bestaande strategieë, met alternatiewe meganismes, belangrik. Die hoë afhanklikheid van elektrisiteit, digitale tegnologie, transformasie en konektiwiteit het die sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings vir organisasies beïnvloed. Die toename in internetverkeer, gekoppelde toestelle en Internet van Dinge, lei tot 'n groter risiko van kuberaanvalle, en die aanvraag na IT-sekureiteitsprodukte, sagteware, dienste en ervaring sal dus toeneem.

Die Kantoor van die Raad was nie immuun teen hierdie gevare nie en moes sy vermoëns vir behoorlike funksionering in oorweging neem. Die WKRDW het dus die netwerkvermoë vir sy verspreide werksmag versterk, sy elektrisiteitsvoorsiening verbeter, en die fisiese sekuriteitsmeganismes van inligting verbeter. Werknemers is ook toegerus met die nodige toerusting om van die huis af te werk (WVH), en veilige afstandtoegang via virtuele privaat netwerke tot die WKRDW netwerk, produksiestelsels, samewerkingsinstrumente en digitale platforms is moontlik gemaak. Die WKRDW Sekuriteitsbeleid en Eed van Geheimhouding, die Gedragskode en Artikels 17 en 19A van die WCGRA, is aan alle WKRDW-werknemers beskikbaar gestel om te verseker dat inligting en data beskerm word.

Bo en behalwe dat die WKRDW-personeel in staat gestel word om op afstand te werk, gaan die Raad voort om deur videokonferensies, samewerking en kommunikasievermoë in die verspreide werksomgewings moontlik te maak. Raads-, komitee- en departementele vergaderings is dus voortgesit en inligtingsdeling, afstandsondersteuning en personeelopleiding was moontlik. Kommunikasie met belanghebbendes het voortgegaan deur middel van telefoniese, e-poskommunikasie sowel as videokonferensies.

Die toesighoudende verantwoordelikheid vir doeltreffende en effektiewe IKT-hulpbronne van die Raad berus by die Finansiële en IT-komitee, wat die Oudit- en Risikokomitee insluit. Kwartaallikse interne IKT- en auditverslae is aan die komitees voorgelê om te verseker dat doeltreffende beheermaatreëls vir Interne IKT-bestuur en sekuriteit gehandhaaf word. Risiko's en beheermaatreëls verbonde aan die interne IKT-funksie is in die Raad se Risikoregister ingesluit en dienooreenkomstig bestuur. Die WKRDW se Dienstoonbankbestuurstelsel het die IKT-aktiwiteite hanteer, terwyl die IKT-afdeling roetine-instandhouding deur middel van 'n verspreide metodologie gedoen het.

Die Raad se fokus is steeds op die outomatisering van sy besigheid toegespits. Sy gedigitaliseerde outomatiseringstelsel, Genesis, het voortgegaan om dit moontlik te maak dat aansoeke vir dobbellisensies aanlyn ingedien kan word. Tegnologiese vooruitgang skep voortdurend nuwe en innoverende metodes vir dobbel en aanlynwedderij op sport is steeds 'n ontwikkelende gebied. In vergelyking met ander vorme van dobbel, het Aanlynwedderij oor die afgelope drie jaar eksponensieel toegeneem, soos Casino, die BUM en Totalisator. Reguleerders moet verseker dat hulle voldoende opgelei en beman is om wydverspreide en voortdurende tegnologiese veranderinge te kan hanteer.

2.1.11 BYWONING VAN KONFERENSIES

Een van die Raad se doelwitte is om op hoogte te bly van nuwe ontwikkelinge wat die dobbelbedryf beïnvloed om te verseker dat dit bewus is van voortdurende tegnologiese vooruitgang in die bedryf wat aanbiedinge vir spelers insluit. Deur internasionale konferensies by te woon kan die Raad sy huidige beleid en prosedures met dié van internasionale beste praktyk vergelyk.

Regulatoriese aangeleenthede, maatskaplike verantwoordelikheid en nuwe produkte/spel-aanbiedinge wat waarskynlik in die nabye toekoms in Suid-Afrika bekendgestel sal word kry veral aandag by hierdie konferensies. Dit is bekend dat tegnologie altyd wetgewing vooruitloop en die Raad gebruik die geleentheid om konferensies by te woon om te verseker dat die gaping ietwat oorbrug word sodat die bedryf in die Wes-Kaap relevant bly en met die globale mark tred hou.

Die Kantoor van die Raad wil veral meer aandag aan verantwoordelike dobbelary en probleemdobbelary gee, aangesien dit 'n direkte invloed op die publiek het. Hierdie is 'n staande item by sulke konferensies waar aanbieders verslag doen oor huidige tendense, navorsing en bevindinge, asook enige nuwe ontwikkelings op hierdie gebied. Die dobbelbedryf verander voortdurend en deur hierdie konferensies by te woon sowel as om netwerke met die internasionale kollegas te vorm verskaf nie net waardevolle inligting nie, maar verbeter ook die reputasie en beeld van die Raad. Na elke internasionale konferensie word 'n gedetailleerde verslag saamgestel oor die voordeel en waarde wat by sodanige konferensie verkry is en wat dan by die Kantoor van die LUR ingedien word.

2.1.12 OPENBAARMAKINGS VAN KORPORATIEWE BESTUUR WAT DEUR DIE KING IV-KODE VEREIS WORD


Ingevolge die King IV-kode word van die Raad verwag om sekere openbaarings met betrekking tot korporatiewe bestuur te maak. Toegang tot die Raad se King IV-verslag is op die Raad se webwerf by www.wcgrb.co.za beskikbaar.

2.1.13 DIENSLEWERINGSOMGEWING

Op 31 Maart 2024 het die wettige dobbelary- en perdewedrenbedryf in die Wes-Kaap, wat die hele Wes-Kaapse geografiese gebied beslaan, bestaan uit:

Lisensie-aktiwiteit	31 Maart 2024	31 Maart 2023
Gelisensieerde casino's	5	5
Gelisensieerde beperkte masjienuitbatingoperateurs	2	2
Gelisensieerde beroepswedders	64	58
Gelisensieerde totalisator	1	1
Gelisensieerde persele	702 486 BUM'e 171 Beroepswedders 45 Totalisators	702 486 BUM'e 171 Beroepswedders 45 Totalisators
Gelisensieerde dobbeltoestelle	6 834	6 798
Werknemerlisensies*	6 480	6 265

*Die Raad reageer slegs op behoorlike aansoeke wat van die bedryf ontvang word.



Geografiese Verspreiding van Gelisensieerde Dobbelary Aktiwiteite

Perseel	1 Stad Kaapstad	2 Eden	3 Kaapse Wynlande	4 Overberg	5 Weskus	6 Sentraal Karoo
Casinos - 5	1	1	1	1	1	0
BUM-personeel - 486	344	59	15	23	44	1
Beroepswedders - 171	149	6	11	1	4	0
Totalisators - 45	38	2	4	0	1	0

2.2 ORGANISATORIESE OMGEWING EN STRUKTUUR

Op 31 Maart 2024 het die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede sewe (7) lede op die Raad aangestel. Vyf-en-sestig poste (65) uit vier-en-sewentig (74) goedgekeurde poste is gevul. Die werwingsproses vir belangrike vakante poste ontvang aandag.

Die gebrek aan hulpbronne by die WKRDW bly 'n groot bekommernis. Alhoewel die dobbelbedryf jaar na jaar uitbrei het die bestaande organisasiestruktuur sedert die stigting van die Raad hoofsaaklik dieselfde gebly. Die Raad het besluit dat sy organisasiestruktuur hersien moet word om 'n optimale struktuur te verseker. Sy besluit om dobbelary geleenthede wat nie tans in die Wes-Kaap aangebied word nie, uit te brei sal die organisasiestruktuur beïnvloed. Die bestaande arbeidsmag kan nie voldoende aandag gee aan die operasionele eise of bykomende volumes van lisensie-aansoeke nie. Met betrekking tot die potensiële bykomende hulpbronne wat nodig mag wees, het die Raad 'n oorsig vir Organisasie Ontwerp gedoen om beide die Raad se huidige en toekomstige bedryfsbehoefes te bepaal.

Na die hersiening van die WKRDW se organisasiestruktuur wat op 'n toenemende en groeiende dobbelbedryf gegrond is, het die Raad 'n verdere 32 poste goedgekeur. Hierdie poste is tans onbefonds en geen aanstellings met betrekking tot hierdie poste mag gedoen word totdat befondsing verkry is nie.

Die oorsigproses van die Organisasie Ontwerp is in sy finale stadiums. Na voltooiing sal goedkeuring gevra word om die uitkoms in te stel.

Die Raad gaan voort om die ingrypings wat in die Instellingsplan vir die Organisasie- en Leierskapskultuurverandering bepaal is, in te stel. Die plan bevat twaalf (12) afsonderlike aksies wat binne spesifieke periodes deur personeel en bestuur nagekom moet word. Hierdie aksiepunte is, onder andere, om kulturele diversiteit te bevorder en om met erns 'n kultuur van verandering te skep.

2.2.1 AKKOMMODASIE

Die WKRDW het in 'n gees van besparing na sy nuutverworwe kantoorakkommodasie verskuif ten spyte daarvan dat dit nie gereed vir volle okkupasie was nie. Op grond daarvan dat die destydse Departement van Vervoer en Openbare Werke bevestig het dat hy die WKRDW sal bystaan met herstelwerk en opknapping van sy nuutverworwe gebou, het die WKRDW sy pogings uitgestel om te wag op die bystand wat belowe is. Die gebou is tydelik gemeubileer en ingerig om twee-en-dertig persone op 'n rotasiebasis in 'n werk-van-huis/werk-van-kantoor-beginsel tegemoet te kom. As 'n tussentydse maatreef was die reëling suksesvol en die WKRDW kon voortgaan om sy mandaat suksesvol uit te voer.

Nadat die WKRDW in kennis gestel is dat die huidige Departement van Infrastruktuur nie die Raad met die opknapping van die gebou sal bystaan nie, het dit voortgegaan om die gebou op die huidige basis te okkupeer terwyl die VKB-proses gevolg is om diensverskaffers te kry om die gebou te herstel en op te knap. Daar word verwag dat die herstelwerk en opknapping van die gebou teen 31 Maart 2025 voltooi sal wees, op welke stadium die WKRDW funksionele okkupasie sal neem.

2.2.2 MAATREÛLS VIR BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (WBV) lê die verantwoordelikheid op die werkgewer op om, sover dit redelik prakties is, 'n gesonde werksomgewing te voorsien en in stand te hou wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers is. Om nakoming van WBV te verseker, het die Raad 'n Beroepsgesondheids- en Veiligheidskomitee (WBV-komitee) met verteenwoordigers van alle departemente gestig. Hierdie komitee is met die nodige hulpbronne toegerus om sy funksies doeltreffend uit te voer.

2.2.3 OPLEIDING EN ONTWIKKELING

Opleiding en her-opleiding van personeel bly 'n belangrike prioriteit vir die Raad. Dit is noodsaaklik om te verseker dat die Raad sy menslike kapitaal doeltreffend gebruik en ontwikkel.

Die Raad het die afgelope jaar R516 998 in opleiding en ontwikkeling van sy werknemers belê, wat 1% van die totale koste van werkverskaffing verteenwoordig. Werknemers op alle vlakke in die organisasie het gedurende die jaar opleiding ontvang. Geleenthede vir opleiding word aangebied met die doel om die professionele bevoegdheids van werknemers te verbeter, hul kennis te verhoog en hul vaardighede te verbeter om die organisasie se strategiese doelwitte te bereik en ondersteun. Met die veranderende omgewing in die dobbelbedryf is dit Raadslede se plig om hul vaardighede

te verbeter sodat hulle hul mandaat doeltreffend kan uitvoer. Raadslede is derhalwe by die Instituut van Direkteure Suid-Afrika (IODSA) geregistreer. Die IODSA verskaf praktiese dienste aan Raadslede, met die oog daarop om ontwikkeling, begrip en toepassing van goeie bestuurspraktyke te verseker. Bywoning van konferensies en bedryfsgeleenthede word gebruik om op hoogte van verwickelinge in die dobbelbedryf te bly.

2.3 BELANGRIKE BELEIDSONTWIKKELINGE EN WETGEWENDE VERANDERINGE

Die dobbelbedryf is 'n tegnologie-gedrewe bedryf wat vinnige tegnologiese veranderinge en vinnige omkeertye vir regulatoriese goedkeurings vereis. Die Raad hersien voortdurend sy prosesse en werk daaraan om prosesse in sy regulatoriese omgewing te outomatiseer.

Die WKPT het opdrag vir navorsing gegee oor die ekonomiese en beleidsvoorskrifte van toepassing op die dobbelbedryf in die Wes-Kaap. 'n Eksterne diensverskaffer doen die navorsing en die bevindinge en aanbevelings sal in 'n Groen- en Witskrif oor regulasies vir dobbelary vervat word. Die uitkomst van die navorsing kan dus die begin van 'n nuwe beleidsomgewing vir die regulering van dobbelary wees.

2.3.1 LITIGASIE

Die dobbelbedryf blyk uiters prosedeersiek te wees, met die gevolg dat die Raad se besluite en optrede op grond van die gevestigde ekonomiese belange van lisensiehouers en ander rolspelers dikwels uitgedaag word. Sommige sake is suiwer van openbare belang of in sekere gevalle bied die uitspraak wat deur ons howe uitgespreek word, regsekerheid oor aangeleenthede waar die Raad en 'n lisensiehouer verskillende regsbeskouings het. In sulke gevalle stem die partye gewoonlik ooreen dat 'n verklarende bevel die toepaslike wyse vir 'n oplossing is. Die Raad oorweeg as 'n reguleerder sake van wyer openbare belang as bloot dié van kommersiële belang. Die Raad neem dus nie deel aan alle litigiese aangeleenthede waar hy as 'n belanghebbende party aangehaal word nie, maar reageer eerder op die vraag of hy aan die litigasie moet deelneem as gevolg van die aard van die regshulp wat gevra word asook die regsimplikasies op die Raad se mandaat en die bedryf wat hy reguleer.

'n Casino-operateur het aansoek gedoen om 'n Verklarende Bevel wat, onder andere, bevestig dat Free Play-krediete nie 'n "druppel" in die berekening van aangepaste bruto inkomste is nie en nie deel vorm van die belasbare inkomste volgens Artikel 64 van die Wet, saamgelees met Bylae III nie, met verwysing na die Raad en die Provinsiale Minister van Finansies, Wes-Kaap as Respondente. Verder, dat die Hof gelas, sou dit 'n bepaling maak dat die Applikante wel belasting betaal het wat nie ingevolge die regsargument voor die Hof verskuldig is nie, enige oorbetalings van belasting terugbetaal of verreken moet word teen die toekomstige belastingaanspreeklikheid van die Applikante. Uitspraak is op 29 April 2020 ten gunste van die Applikant gelewer, waar die Hof beslis het dat Free Play nie deel uitmaak van die "druppel" vir doeleindes van die berekening van aangepaste bruto inkomste nie, en nie deel vorm van belasbare inkomste volgens Artikel 64 van die Wet saamgelees met Bylae III nie. Die Raad was aangesê om die oorbetalde belasting teen die Applikant se toekomstige belastingverpligtinge wat ingevolge Artikel 64 van die Wet oploop, te verreken. Die Raad en die Minister het verlot gekry om na die HHA te appelleer, en uitspraak is ten gunste van die Raad toegestaan. Die Applikante het 'n Kennisgewing van Aansoek om Verlot tot Appèl by die Konstitusionele Hof ingedien. Beide die Raad en die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede het 'n Kennisgewing van Opposisie en beëdigde verklarings by die Konstitusionele Hof ingedien. Die aangeleentheid is steeds aan die gang en die Raad wag op 'n vasgestelde datum vir die aansoek om verlot tot appèl.

'n Rolspeler in die dobbelbedryf het, tesame met 'n Interdik in die Hooggeregshof, aansoek gedoen om 'n hersiening, waarin die Hof versoek word om te beveel dat die Raad hom van sy besluit om die oorblywende 1 000 BUM'e proporsioneel aan die bestaande twee Roete-operateurs toe te ken, weerhou, hangende die uitslag van die Hersieningsaansoek. Verder dat die Raad se besluit soos gemeld, hersien en tersyde gestel word. Die uitspraak is op 20 April 2021 elektronies gelewer. Die hersieningsaansoek was suksesvol en ten gunste van die Applikante toegestaan. Op appèl het 'n volbank van die hooggeregshof beslis dat die aanvanklike hersieningsvonniss opgeskort word, hangende die uitslag van die appèl na die HHA. Die appèl is op 15 Augustus 2023 by die HHA aangehoor en uitspraak is op 10 November 2023, met koste, ten gunste van die Raad gelewer.

2.3.2 HUIDIGE WETGEWENDE OORWEGINGS

Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Dobbelary (B27B-2018) is in 2018 gepubliseer. Die wetsontwerp poog om die Nasionale Dobbelarywet (2006) te wysig om die samestelling van die Nasionale Dobbelaryraad na in 'n funksionerende entiteit te verander wat aan die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) verslag doen, met 'n hoofuitvoerende beampte aan die stuur. Die wetsontwerp poog ook om, onder andere, sekere statutêre fooie vir gesentraliseerde monitering van provinsiaal-gelisensieerde dobbeloperateurs in te stel en om bestuursaangeleenthede met betrekking tot die Nasionale Dobbelarybeleidsraad te hanteer. Die Wetsontwerp is deur beide huise van die Parlement oorweeg en is op 14 Desember 2021 deur die Nasionale Raad van Provinsies verwerp waarna dit ingevolge Gesamentlike Reël 186(1)(a) na die Bemiddelingskomitee verwys is.

Die Negentiende Wes-Kaapse Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne (2021) ("Negentiende Wysigingswet") is op 23 Junie 2021 in die Provinsiale Koerant gepubliseer. Dit dui aan dat die Negentiende Wysigingswet op 'n datum wat deur die Premier in die Staatskoerant geproklameer sal word, in werking sal tree. Die Negentiende Wysigingswet het nuwe Casino- en Roete operateursfooie voorgeskryf. Die inwerkingtreding van die 19de Wysigingswet sou die Raad se doelwit om selfversorgend in terme van sy begrotingsvereistes te word, aansienlik versterk het. Die wet is egter nooit in werking gestel nie. Die Negentiende Wes-Kaapse Konsepwysigingswet op Dobbelary- en Wedrenne, 2022 ("die Herroepingswetsontwerp") is op 2 Desember 2022 vir kommentaar gepubliseer en het gepoog om die Negentiende Wysigingswet te herroep. Die Memorandum oor die oogmerke van die Herroepingswetsontwerp het die wetgewende proses wat relevant tot die Negentiende Wysigingswet is uiteengesit, bevestig dat die doel daarvan was om die finansiële selfstandigheid van die Raad te bevorder, sekere fooie wat aan die Raad betaalbaar is te bemiddel, heffing van casino-operateursfooie, wysigings aan bepalinge met betrekking tot beperkte operateursfooie vir dobbelmasjiene, en aangeleenthede wat daarmee verband hou. Die Herroepingswetsontwerp het aangedui dat, as gevolg van die verreikende gevolge van die COVID-19-pandemie op die dobbelbedryf, die Provinsiale Tesourie besig is om 'n omvattende hersiening van die dobbel- en wedrenomgewing in die Wes-Kaap te onderneem, met 'n beleidsoorsigproses onderweg. Verder, dat die bevordering en bemiddeling van die finansiële selfvoorsiening van die Raad 'n belangrike doelwit van die Wes-Kaapse Regering bly. Die Negentiende Wes-Kaapse Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, Herroepingswet, 2022 ("die Herroepingswet") is op 10 Januarie 2024 goedgekeur en herroep die ("Negentiende Wysigingswet").

Die Twintigste en Een-en-twintigste Wysigingswetsontwerpe, 2022 is op 10 Junie 2022 vir openbare kommentaar gepubliseer. Dit maak voorsiening vir die verskuiwing van 'n casino na die Metropool asook, onder andere, dat die gepaardgaande fooie en wetlike oorwegings deur die Raad in ag geneem moet word. Die wysigings in die Twintigste Wes-Kaapse Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne maak hoofsaaklik voorsiening vir die hervestiging van 'n casino, skakel eksklusiwiteit uit en spreek substantiewe kwessies aan wat verband hou met die wysiging van lisensies. Die wysigings in die Een-en-twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne in die Wes-Kaap stel hoofsaaklik 'n ekonomiese geleentheidsbelasting in met betrekking tot die hervestiging van 'n casino. Die wetsontwerpe word nog deur die WKPT oorweeg.

Die Wetsontwerp op Afgeleë Dobbelary (B11-2024) is op 16 April 2024 in die Nasionale Vergadering ingestel. 'n Belangrike verandering aan die Wetsontwerp is dat dit die Provinsies, en nie die Nasionale Dobbelaryraad nie, magtig om lisensies te reguleer en voorgeskrewe gelde in sy provinsie in te vorder. Die doel van die Wetsontwerp is om 'n regsgrondslag vir die regulering en beheer van alle afgeleë dobbelaktiwiteite te voorsien en om 'n doeltreffende en effektiewe reguleringsregime vir afgeleë dobbelary in die Republiek van Suid-Afrika te verseker. Die Wetsontwerp maak ook daarvoor voorsiening dat eenvormige norme en standaarde ten opsigte van afstandsdobbel regdeur die Republiek van toepassing sal wees, om te voorkom dat minderjarige en kwesbare persone aan die negatiewe gevolge van dobbel blootgestel word, en om spelers, die publiek en gelisensieerde afstandbeheerde dobbeloperateurs te beskerm.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en wedrenregulasies, 1996: Konsepwysiging, 2022 is op 10 Junie 2022 vir kommentaar gepubliseer. Dit skryf die Regulasies voor wat van toepassing is op die wysiging van lisensies, die maksimum aantal casino-operateurlisensies in die Stad Kaapstad en die radius tussen casino's, inligting vir aansoeke wat verband hou met die hervestiging van 'n casino, en betaling van 'n maandelikse ekonomiese geleentheidsbelasting.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en wedrenregulasies (Fooie en Koste, 2016) en Tweede Konsepwysiging (2022) is op 10 Junie 2022 vir kommentaar gepubliseer en maak voorsiening vir enige verhoor, ondersoek of navraag met betrekking tot die verskuiwing van 'n besigheid of aktiwiteit beoog in Afdeling 41B (1) van die Wet.

Program 1 : Raad en Administrasie									
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2021/2022	Geouditeerde Werklike Prestasie 2022/2023	Beplande jaarlikse doelwit 2023/2024	Werklike Prestasie 2023/2024	Afwyking van beplande doelwit na Werklike Prestasie 2023/2024	Redes vir afwykings	
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse wat aangewend is vir doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	Openbare bewustheid van die Raad se rol en funksies.	1.4 Aantal bewusmakingsprogramme wat deur die Raad bemiddel word.	Nuwe uitsetaanwyser	Nuwe uitsetaanwyser	4	4	-	Geen.	
	Regsmenings opgestel om leiding aan die Raad en Kantoor te gee oor regsgevolge van besluite wat geneem is.	1.5 Persentasie regsmenings wat voorberei en ingedien is binne 30 dae na ontvangs van versoek om 'n mening.	Nuwe uitsetaanwyser	Nuwe uitsetaanwyser	90%	100% (20 uit 20)	+10%	Al die versoeke om regsmenings onder beheer van die Regsdienste-afdeling is uitgevoer en binne 30 dae afgehandel - dus 100% sukses behaal.	
	Nakoming van regulatoriese verslagdoeningsvereistes vir Menslike Hulpbronne.	1.6 Aantal regulatoriese verslae wat betyds by die Departement van Arbeid ingedien is.	1	1	1	1	-	Geen.	
'n Bekwame, gemotiveerde en toegewyde arbeidsmag.	1.7 Aantal verslae oor die instelling van die MH-plan.	4	4	4	4	-	Geen.		
Effektiewe en doeltreffende finansiële administrasie.	1.8 Aantal finansiële verslae aan belanghebbendes.	33	33	33	33	-	Geen.		

Program 1 : Raad en Administrasie									
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2021/2022	Geouditeerde Werklike Prestasie 2022/2023	Beplande jaarlikse doelwit 2023/2024	Werklike Prestasie 2023/2024	Afwyking van beplande doelwit na Werklike Prestasie 2023/2024	Redes vir afwykings	
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse wat aangewend is vir doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	'n Effektiewe en doeltreffende organisasie-struktuur.	1.9 Aantal her-siene oorsig-verslae van die Organisasie-struktuur wat aan die Minister vir goedkeuring voorgelê is.	Nuwe uitsetaanwyser	Nuwe uitsetaanwyser	1	0	-1	Die Organisasie Ontwerp (OO)-proses is nog nie afgehandel nie. Daar word verwag dat die proses teen 31 Mei 2024 voltooi sal wees.	
	Bevordering van veiliger dobbelary.	1.10 Aantal Verantwoordelike Dobbelaryberade wat deur die Raad bemiddel word.	Nuwe uitsetaanwyser	Nuwe uitsetaanwyser	1	1	-	Geen.	
	Studie oor dobbelary en probleem-dobbelary in verhouding met Dobbelaryleenthede wat deur die Raad gelyksensieer is.	1.11 Goedgekeurde Voorwaardes en Projekplan vir navorsing oor verantwoordelike dobbelary wat deur die Raad aanvaar is.	Nuwe uitsetaanwyser	Nuwe uitsetaanwyser	1	0	-1	Dit is 'n positiewe afwyking aangesien die doelwit in die 4de kwartaal van 2022/2023, voor die sperdatum, bereik is.	

Ontleding van prestasie

Die Program het die taak om seker te maak dat die voorskrifte en besluite van die Raad uitgevoer word. Die Program het agt (8) van sy elf (11) bepaalde doelwitte bereik. Die Kantoor van die Raad het die Raad se besluite ingestel sodat die Raad sy wetgewende mandaat kan uitvoer. Die Raad het in sy geheel sy mandaat suksesvol uitgevoer.

Die Raad het met die aanstelling van sy werknemers sy goedgekeurde diensbillikheidsdoelwitte nagekom en het derhalwe verseker dat die diensbillikheidsdoelwitte suksesvol bereik sal word. Die Raad het die BBSEB-doelwitte gestel, wat billikheidskriteria vir die bedryf insluit.

Strategie om gebiede van onderprestasie te verbeter

Vir aanwyser 1.1 *Aantal kworaatvergaderings vir Raadslede vir die 2023/24 jaar*: Die Kantoor van die Raad het ad-hoc Raadsvergaderings as deel van die uitsetaanwyser vir die 2023/24FJ ingesluit. Die Kantoor sal voortaan meer konserwatief wees en ad hoc-vergaderings van die aantal kworaatvergaderings van Raadslede uitsluit aangesien daar geen sekerheid is of hierdie vergaderings wel sal plaasvind nie.

Vir aanwyser 1.2 *Raadsbesluite wat by volgende Raadsvergadering uitgevoer moet wees*: Daar is geen werklike regstellende maatreëls behalwe deurlopende opvolging nie, aangesien die WKRDW van derde partye afhanklik is. Die afwyking het, afhangend van die mening, nie die mandaat of tydsbestek vir die spesifieke aksie beïnvloed nie.

Vir aanwyser 1.9 *Aantal hersiene oorsigverslae oor Organisasiestruktuur wat aan die Minister vir goedkeuring voorgelê is*: Hierdie aanwyser kan slegs bereik word sodra die Organisasie Ontwerpproses afgehandel is. Na afhandeling van die proses sal 'n verslag voorberei en aan die Minister vir oorweging voorgelê word.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Program	2023/2024			2022/2023		
	Begroting R	Werklike Uitgawes R	(Oor)/Onderbesteding R	Begroting R	Werklike Uitgawes R	(Oor)/Onderbesteding R
Raad en Administrasie	65 119 728	57 516 153	7 603 575	27 404 810	27 131 737	273 073

- Die destydse Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentehede het die behoud van R31,5 miljoen kontantsurplus goedgekeur om die Raad in staat te stel om sy eie kantoorakkommodasie te koop. Kantoorakkommodasie is in Augustus 2023 vir die bedrag van R25 300 000 verkry. As deel van die 2024/25FJ-begroting het die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentehede goedkeuring gegee om fondse ten bedrae van R6 225 000 oor te dra. Hierdie fondse sal gedurende die 2024/25FJ vir die opknapping van die kantoorakkommodasie aangewend word.
- Die oorblywende onderbesteding van R1,3 miljoen hou meestal verband met professionele fooie. Fondse is begroot vir die navorsingstudie oor die voorkoms van dobbelary en probleemdobbelary in die Wes-Kaap. Die navorsing het in Januarie 2024 begin en as sodanig is 'n nominale bedrag aan navorsers vir die tydperk onder oorsig betaal. Net so is fondse begroot vir konsultasiedienste vir die hervestigingsaansoek wat deur een van die casino-operateurs ingedien is. Weens die tydlyne van die aansoekproses vir hervestiging was die begroting vir konsultasiedienste nie gedurende die 2024FJ benodig nie.

Program 2: Lisensiëring

Doel van Program

Die Lisensiëringsafdeling is verantwoordelik om die aansoekproses vir lisensies doeltreffend te koördineer. Dit ontvang behoorlik voltooide lisensie-aansoeke en doen diepgaande ondersoeke in verband met die aansoeke. Op grond van die bevindinge word verslae met aanbevelings vir goed- of afkeuring aan die HUB en/of Raad vir oorweging voorgelê.

Ten opsigte van die doelwitte wat hieronder uiteengesit word, streef die Departement daarna dat nuut-aangestelde werknemers in die bedryf betyds behoorlik gelisensieer is sodat hulle dus in staat is om hul onderskeie pligte dienooreenkomstig te begin.

Ten einde te sorg dat bestaande lisensiehouers se sake in orde is, word hernuwingsaansoeke vir alle lisensietipes wat ontvang is, voor die verstryking van die lisensie verwerk. Geen lisensie is vir langer as 12 maande geldig nie, en alle lisensies moet jaarliks per aansoek hernu word.

Uitkomst

Geskikte persone doen sake in die dobbelbedryf.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, doelwitte en werklike prestasies

Gedurende die 2023/24 finansiële jaar is die volgende in-jaar veranderinge ten opsigte van die prestasie-aanwyser van die Program aangebring:

- Aanwyser 2.1** : Regstelling van berekeningsmetode. Hierdie kwessie was 'n ouditbevinding tydens die 2022/23-ouditsiklus.
- Aanwyser 2.2** : Regstelling van berekeningsmetode. Hierdie kwessie was 'n ouditbevinding tydens die 2022/23-ouditsiklus.

Program 2: Lisensiëring		Uitsetaanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie 2021/2022	Geouditeerde Werklike Prestasie 2022/2023	Bepaalde jaarlikse doelwit 2023/2024	Werklike Prestasie 2023/2024	Afwyking van beplande doelwit na Werklike Prestasie 2023/2024	Redes vir afwykings
Uitset	Nuwe aansoeke verwerk.	2.1 Persentasie nuwe aansoeke ten opsigte van werknemerlisensies (belangrike en dobbel) gekoppel aan gelisensieerde operateurs ontvang, binne 30 dae na ontvangs verwerk.	89%	92%	91%	92% uit (2 266 uit 2 454)	+1%	Aansoeke het voldoen en het nie verdere ondersoek nodig gehad nie, dus kon dit binne die tydlyn voltooi word.
Uitkomst	Geskikte persone wat sake in die dobbelbedryf doen.	2.2 Persentasie van hernuwingsaansoeke ontvang wat op of voor die vervaldatum van die lisensie verwerk is.	99%	99%	99%	99% uit (6 357 uit 6 441)	-	Geen.
	Hernuwingsaansoeke verwerk.							

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, doelwitte en werklike prestasies

Geen in-jaarse veranderinge is gedurende die 2023/2024 finansiële jaar aangebring nie.

Program 3: Nakoming van regulasies								
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geoditeerde Werklike Prestasie 2021/2022	Geoditeerde Werklike Prestasie 2022/2023	Bepaalde jaarlikse doelwit 2023/2024	Werklike Prestasie 2023/2024	Afwyking van beplande doelwit na Werklike Prestasie 2023/2024	Redes vir afwykings
Vernuwende, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels verskaf.	Deurlopende IKT-stelselbestuur vir die organisasie.	4.1 Persentasie IKT-instandhoudingsgebeurtenisse wat gedoen word om huidige inligtingstechnologie-infrastruktuur in stand te hou en te verbeter.	98%	98%	98%	98%	-	Geen.
	Deurlopende verbetering van kennis en vaardighede.	4.2 Aantal bevoegde IKT-talent kapasiteite wat behaal is.	78	94	80	89	+9	Positiewe afwyking as gevolg van die IKT-personeel wat ekstra opleiding en forumsessies bywoon om hul IKT- en persoonlike vaardighede te verbeter.
	Deurlopende beskikbaarheid van die IKT-stelsels.	4.3 Gemiddelde persentasie IKT-inligtingstelsels beskikbaar /aktief	99.96%	99.9%	98%	99.9%	+1.9%	Positiewe verskil as gevolg van toegewyde menslike hulpbronne, volgehoue infrastruktuur en beskikbaarheid van elektrisiteit.
	Besigheidsproses-outomatisering/digitale strategie.	4.4. 'n Gedokumenteerde Besigheidsproses Outomatisering/ Digitale strategie.	Nuwe uitsetaanwyser	Nuwe uitsetaanwyser	1	1	-	Geen.

Ontleding van prestasie

Die IKT se grootste uitdaging was die betroubaarheid van elektrisiteitsvoorsiening. Alhoewel elektrisiteitsvoorsiening bedryfstabiliteit bedreig het, het die IKT-afdeling sy uitkomst vir die jaar bereik. Dit was moontlik deur:

- deurlopende elektrisiteitstoevoer na die datasentrum via doeltreffende ononderbroke kragtoevoer te verseker;
- toegewyde en professionele bestuur van die IKT se menslike hulpbronne;
- die verskaffing van doeltreffende battery-aangedrewe toerusting aan die Kantoor van die Raad;
- goeie IKT-bestuur;
- die toepassing van robuuste inligtingsekeriteitsprodukte en -stelsels;
- die IKT-infrastruktuur en netwerkverbinding teen enige mislukkinge en/of kuberaanvalle te beveilig; en
- die deurlopende beskikbaarheid van belangrike IKT-stelsels by die Kantoor van die Raad.

Die ondersteuning en infrastruktuur wat deur die IKT-departement verskaf is, het daartoe bygedra dat die Raad sy doelwitte kon bereik en sy mandaat kon nakom. Die werk-op-afstandmodel van die WKRDW was doeltreffend en het as 'n funksionele hibriede en verspreide werksomgewing gefunksioneer. Toegewyde IKT-bedrywighe, sekuriteit, infrastruktuur en netwerkstabiliteit het dit moontlik gemaak.

Die IKT-departement het sy kennis en onderrigpraktyke (formeel, informeel, selfstudie) voortgesit om sy professionele vermoëns te verbeter. Dit is moontlik gemaak deur die deelname en bywoning van aanlyn- of persoonlike ontwikkeling, opleiding, konsultasie en forumgeleenthede. Dit het verseker dat noodsaaklike kennis opgedoen is deur vaardighede by die werk oor te dra asook belangrike werkservaring, en die verwesenliking van die IKT se waarde aan die Kantoor van die Raad.

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Daar is geen areas van onderprestasie nie.

Koppel prestasie aan begrotings

Programme	2023/2024			2022/2023		
	Begroting R	Werklike Uitgawes R	(Oor)/Onderbesteding R	Begroting R	Werklike Uitgawes R	(Oor)/Onderbesteding R
Inligting- en Kommunikasietegnologie	9 469 427	8 274 622	1 194 805	10 700 010	9 591 582	1 108 428

- Daar was besparings ten opsigte van kommunikasie, sagtewarelisensiefooi en konsultasiefooi. Die begroting vir hierdie items is op beste ramings, wat nie altyd realiseer nie, gegrond.

5. INVORDERING VAN INKOMSTE

Bronne van inkomste	2023/2024			2022/2023		
	Beraming R	Werklike Bedrag ingesamel R	(Oor)/Onder insameling R	Beraming R	Werklike Bedrag ingesamel R	(Oor)/Onder insameling R
Aansoekfooie	3 086 960	4 261 105	(1 174 145)	2 406 081	4 663 948	(2 257 867)
Ondersoek-fooie	36 406 705	37 469 766	(1 063 061)	34 412 273	35 545 254	(1 132 981)
Rente-inkomste	4 995 000	5 127 003	(132 003)	1 008 000	3 464 133	(2 456 133)
Inspekteurs-fooie vir die Raad	7 393 546	9 445 151	(2 051 605)	5 332 342	8 909 075	(3 576 733)
Operateurs-fooie van beperkte masjienuit-betalings	3 747 793	3 596 156	151 637	3 292 500	3 232 500	60 000
Oordragte	21 178 000	21 178 000	-	25 076 000	25 076 000	-
Dienste in natura	-	4 076 153	(4 076 153)	-	5 817 204	(5 817 204)
Ander inkomste	-	1 884 686	(1 884 686)	-	197 439	(197 439)
Behoud van surplusfondse	31 524 795	31 524 795	-	-	-	-
Totaal	108 332 799	118 562 815	(10 230 016)	71 527 196	86 905 553	(15 378 357)

- Die Raad word slegs toegelaat om inkomste en ander gelde van lisensiehouers in te vorder soos deur die wet voorgeskryf. Tensy daar 'n toename in aansoeke vir dobbellisensies is, is daar geen ander manier waarop die Raad sy inkomste kan verhoog nie. Dus, wanneer die begroting voorberei word, maak die Raad staat op vorige tendense om die inkomste wat hy verwag om in die finansiële jaar te ontvang, te beraam.
- Dienste in natura verteenwoordig die voordeel wat verkry is deur 'n gebou kosteloos te beslaan en wat deur die Departement van Infrastruktuur tot 31 Oktober 2023 bestuur is.
- Ander inkomste verteenwoordig, onder andere, huurinkomste, borgskappe en regskoste wat verhaal is.

6. KAPITALE BELEGGING

Infrastruktuur-projekte	2023/2024			2022/2023		
	Begroting R'000	Werklike Uitgawes R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Begroting R'000	Werklike Uitgawes R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
Kantoorakkommodasie	31 525	25 495	6 030	0	0	0
Totaal	31 525	25 495	6 030	0	0	0

1. INLEIDING

Die bestuursraamwerk van die Raad word deur die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne sowel as die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) gelei, en in samewerking met die Protokol oor Korporatiewe Bestuur wat in die King IV-verslae oor Korporatiewe Bestuur gevind word, toegepas.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die Staande Komitee vir Finansies is verantwoordelik om toesig oor die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne te handhaaf.

In die jaar onder oorsig het die Raad oor die volgende sake met die Komitee vergader:

- 26 Oktober 2023: Inligting oor die Raad se 2022/23-jaarverslag; Besluite wat uit daardie vergaderings voortspuit, word op bladsy 62 van hierdie jaarverslag uitgebeeld.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Minister van Finansies is die aangewese Uitvoerende Gesag vir die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne. Die Uitvoerende Raad stel die Raadslede aan en die Raad doen aan die Minister verslag. Alle verslae wat in opdrag deur die Raad opgestel is, word aan die Minister voorgelê. Die Raad is ook aan die Beleidsbepalings van die Uitvoerende Gesag gebonde.

4. REKENINGKUNDIGE GESAG - DIE RAAD

Inleiding

Die Raad, wat uit sewe nie-uitvoerende lede bestaan en wat deur die Uitvoerende Gesag aangestel is, is die aangewese Rekenpligtige Gesag. Die Raad bestaan uit verskeie subkomitees wat uit sy lede saamgestel is, om toesig oor spesifieke operasionele aktiwiteite van sy Kantoor te hou. Die Raad stel ook drie eksterne lede aan om op sy Ouditkomitee te dien.

Die Raad se funksies

Die Wes-Kaap en Wedrenraad is gestig met die hoofdoel om dobbelary en wedrenne en alle ander gepaardgaande aktiwiteite in die Wes-Kaap te beheer en te reguleer.

Die funksies en bevoegdhede van die Raad word in Artikel 12 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne uiteengesit. Die funksies van die Raad word as volg opgesom:

- Om deurlopende nakoming in die gelisensieerde bedryf te verseker en administratiewe boetes of sodanige maatreëls op te lê wat die Raad toepaslik ag vir oortredings van die wet;
- Om aansoeke vir lisensies ingevolge die Wet aan te moedig;
- Om nasionale en provinsiale aansoeke vir lisensies te ontvang, ondersoek en oorweeg;
- Om nasionale en provinsiale lisensies aan kwalifiserende of geskikte persone uit te reik, onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad toepaslik ag;
- Om die geskiktheid van persone wat belangstelling in 'n lisensiehouer toon of die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het, te ondersoek;
- Om verhore te hou en ondersoeke te doen na lisensiehouers se optredes wat verband hou met enige aangeleentheid wat die Raad ingevolge die Wet moet administreer;
- Om onwettige dobbelaktiwiteite op te spoor en relevante regeringsinstansies met die vervolging daarvan by te staan;
- Om belasting en heffings verskuldig aan die provinsiale Fiskus te administreer, bereken en in te vorder asook alle statutêre gelde soos deur die Wet voorgeskryf;
- Om deurlopende navorsing oor dobbelary en wedrenne regdeur die provinsie en elders te doen om op hoogte te bly en om tekortkominge in die Wet en regulatoriese praktyke van die Raad op te spoor;
- Om regulatoriese forums en konferensies by te woon om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelinge in die bedryf; en
- Om oor die algemeen alle bevoegdhede en funksies wat in die Wet gespesifiseer word, asook enige ander wat deur die Wet bepaal word, uit te voer.

Die Raad se Handves

Die Raad se bevoegdhede en funksies word in die Wet voorgeskryf. Die Raad het 'n handves waarin elke subkomitee se mandaat uiteengesit word, aanvaar. Die Raad hersien jaarliks sy korporatiewe bestuur.

Inligting oor Raadslede soos op 31 Maart 2024

Naam	Aanwysing (ingevolge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aange-wys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundigheds-gebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsvergaderings gehou	Aantal Raadsvergaderings byge-woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-vergaderings byge-woon	Aantal vergaderings byge-woon
Mnr T Arendse	Raadslid Termyn as Bestuurslid vir 1 jaar verleng	1 April 2020	31 Maart 2023	STR GR (SA)	Ouditkunde en Rekening-kunde	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	14	14	Casino-Komitee	4	27 van 28
		1 April 2023	31 Maart 2024						Perde-wedrenne en Weddery-komitee	4	4
									Komitee vir Mensekapi-taal	[4]	1 van 1
									Verantwoor-delike Dobbelay-komitee	4	3 van 4
									Raad se ver-teenwoordiger (nie stemgere-tig) by die Ouditkomitee. (*Bywoning as plaasvervan-gende lid)	[8]	1 of 1

Naam	Aanwysing (ingevoelge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundigheidsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsvergaderings gehou	Aantal Raadsvergaderings byge woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-vergaderings byge woon	Aantal vergaderings byge woon
Mnr CA Bassuday	Raadslid	1 April 2016	31 Maart 2019	B,Prok.	Regte	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	14	13	Casino-Komitee	4	26 van 28
	Termyn as Bestuurslid vir 1 jaar verleng.	1 April 2019	31 Maart 2020	LLB LLM			6		Finansies en IT-komitee	6	
	Raadslid her-aangestel vir 3 jaar	1 April 2020	31 Maart 2023	PG Diploma in Strafrege en Forensiese Ouditkunde			4		Verantwoordelike Dobbelay-komitee	3	
	Aanstelling as Voorsitter totdat Raadslidkontrak verstryk	16 Des 2021	31 Maart 2023			Raadslid: Wes-Kaapse Drankowerheid					
	Termyn as Raadsvoorsitter en lid vir 1 jaar verleng	1 April 2023	31 Maart 2024								
	Raadsvoorsitter en raadslid se termyn verleng vir 1 jaar	1 April 2024	31 Maart 2028								

Naam	Aanwysing (ingevoelge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundigheidsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsvergaderings gehou	Aantal Raadsvergaderings byge woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-vergaderings byge woon	Aantal vergaderings byge woon
Mnr Burton	Raadslid	1 April 2023	31 Maart 2027	BCompt Hons GR (SA)	Ouditkunde en Rekeningkunde Bestuur Strategiese Bestuur Finansies Prestasiebestuur	Kaapse Natuurraad Cullinan Holdings Bpk Burvyn Invoorders en Handelaars BK Nasionale Finansiële Ombud NPC	14	13	Casino-Komitee (*Bywoning as plaasvervangende lid)	[4]	31 van 32
							6		Finansies en IT-Komitee	6	
							4		Perdewedrenne en Weddery-komitee	4	
							[4]		Komitee vir Mensekapi-taal (*Bywoning as plaasvervangende lid)	1 van 1	
							6		BUM-Komitee	6	

Naam	Aanwysing (ingevolge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aange-wys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundigheids-gebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsver-gaderings gehou	Aantal Raadsver-gaderings byge-woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-verga-derings byge-woon	Aantal verga-derings byge-woon
M C Fani	Raadslid	17 Mei 2017	16 Mei 2020	BA Publieke Administrasie	Beleidsanalise en Beleid-sontwikkeling	Raadslid/ Ondervoor-sitter: Wes-kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	14	10	Casino-Komitee	3 van 4	21 van 27
	Bestuurslid. Termyn vir 1 jaar verleng	17 Mei 2020	16 Mei 2021	BAdmin Honneurs Openbare Bestuur					Perdewedrenne en Weddery-komitee	3 van 4	
	Aanstelling as ondervoor-sitter totdat die kontrak van die raadslid verstryk	14 Des 2020	16 Mei 2021			Raadslid/ Ondervoor-sitter: William Humphrey Kunsgallery			Komitee vir Mensekapitaal	4	
	Ondervoor-sitter van Raad en termyn van lid verleng	27 Mei 2021	26 Mei 2024			Raadslid: uMunduzi Musementum KZN Tribunaallid: Wes-Kaapse Drankowerheid			BUM-Komitee (*Bywoning as plaasvervange lid)	1 van 1	
	Ondervoor-sitter van Raad en termyn van lid verleng	1 April 2024	31 Maart 2028								

Naam	Aanwysing (ingevolge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aange-wys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundigheids-gebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsver-gaderings gehou	Aantal Raadsver-gaderings byge-woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-verga-derings byge-woon	Aantal verga-derings byge-woon
Ms A Mvandaba	Raadslid	1 April 2023	31 Maart 2027	Meester in Besigheidsad-ministrasie	IDFRS, Maat-skappywet, King Code	Raadslid: Wes-kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	14	9	Lisensierings-komitee	5 van 6	22 van 29
				BRek Honneurs	Finansiële modellering	Raadslid: Stigters Stigting			BUM-komitee	5 van 6	
					Finansiële state				Komitee vir Mensekapitaal	3 van 3	
					Prosesse en bestuur	Raadslid: African Phoenix Investments					
				Beleggings		Raadslid: CPUT (RAAD)					
						Direkteur: K2023187064					
						Direkteur: K2022871781					
						Direkteur: K2022570562					
						Direkteur: Langa Siphe					
						Direkteur: Lesha Capital					
						Direkteur: CVS Communications					
						Aandeehouer: Kwandile Consulting					
						Aandeehouer: Kwandiso Consulting					

Naam	Aanwysing (Ingevoelge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundighedsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsvergaderings gehou	Aantal Raadsvergaderings byge woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-vergaderings byge woon	Aantal vergaderings byge woon
Mnr RG Nicholls	Raadslid	14 Des 2019	13 Des 2022	BCom Rhodes Universiteit GR (SA) CIA	Finansies Bestuur	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	14	13	Finansies en IT-Komitee	6	36 van 38
	Raadslid heraan gestel vir 4 jaar	5 Des 2022	4 Des 2026	Rekenaarouditkwalifikasie - NACCA	Voldoening	Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektoniese Beroep			Lisensierings-komitee	6	
				Geregistreerde Rekenmeester en Ouditeur		Lid: TakeShape Properties BK			Verantwoordelike Dobbelay-komitee	4	
				Mede-lid van die IOD		Lid: Southern Ambition CC			Raad se verteenwoordiger (nie stemgeregtig) by die Oudit-komitee.	7 van 8	

Naam	Aanwysing (Ingevoelge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Kundighedsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsvergaderings gehou	Aantal Raadsvergaderings byge woon	Ander komitees (bv. Oudit-komitee)	Aantal komitee-vergaderings byge woon	Aantal vergaderings byge woon
Me L Venter	Raadslid	6 Nov 2020	5 Nov 2023	BCom (Regte)	Regte	Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	14	12	Perdewedrenne en Weddery-komitee	1 van 1	32 van 35
	Termyn vir 5 maande verleng	6 Nov 2023	31 Maart 2024	LLB		Eksterne Kollegeraads-lid: Valsbaai TVET Kollege			(*Bywoning as plaasvervangende lid)		
	Raadslid heraan gestel vir 4 jaar	1 April 2024	31 Maart 2028						Komitee vir Mensekapitaal	3 van 4	
									Lisensierings-komitee	6	
									BUM-Komitee	6	
									Verantwoordelike Dobbelay-komitee	4	

[Getal tussen hakies]* Dui totale vergaderings aan wat gehou is, maar nie verpligtend is om by te woon nie, as gevolg van 'n lid se termyn wat gedurende die finansiële jaar begin of eindig.

Eksterne Ouditkomiteelede

Naam	Aanwysing (Ingevolge die Openbare Entiteitsraadstruktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn verstryk	Kwalifikasies	Kundighedsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Aantal vergaderings gehou	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr L Nene	Ouditkomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid en Voorsitter Heraanstelling as onafhanklike nie-uitvoerende lid	17 Feb 2021	16 Feb 2024	Baccalaureus in Handel - BCom (Rekeningkunde) Nagraadse Diploma in Bestuur (Spesialisering in Korporatiewe Bestuur) Meester Internasionale Besigheid SBASA (Sertifisering in Beheer Selfassessering) - 2006 GIA (SA) (Algemene Interne Ouditeur-SA) GIIOSA (Genoot van die Instituut van Interne Ouditoure SA) - 2013 Sertifisering in Risikobestuur-versekering (SRB) - 2014 GNCCP (SA) - Gesertifiseerde Nakomingslid van die van die Nakomingsinstituut van Suid-Afrika CPrac (SA) Voldoeningspraktisyn Risikobestuurstrategieë in die Openbare Sektor Bestuursontwikkelingsprogram	Korporatiewe bestuur Oudit (intern en ekstern) Risiko bestuur Besigheid kontinuiteit bestuur Voldoening Etiek Verbetering van Besigheidsproses IT	Nie-uitvoerende Direkteur vir PetroSA Ghana SOC Bpk Nie-uitvoerende Direkteur vir PetroSA Ekwatoriaal-Guinee SOC Bpk Stad Kaapstad se Ouditkomitee ETDP Seta Ouditkomitee Coega Ontwikkelingskorporasie(EDMS) BPK, Ouditkomitee KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) Ouditkomitee	Ouditkomitee	8	6

Naam	Aanwysing (Ingevolge die Openbare Entiteitsraadstruktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn verstryk	Kwalifikasies	Kundighedsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Aantal vergaderings gehou	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr P Mukheli	Ouditkomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid	5 Junie 2023	4 Junie 2026	BComm (Rekeningkunde) Hons BComm (ouditering) Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika) Lid Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters (CIMA)	Voorbereiding van Finansiële Jaarstate (IFRS) Instelling van rekeningkundige oplossings/stelsels in die Afdeling Finansies Begroting en kon-tantvloei bestuur Bestuur en instelling van projeksie van rekeningkundige oplossings in die konstruksie-sektor Interne oudit-dienste en konsultasie Forensiese/spesiale ondersoek Onderneming Risikobestuur advies en konsultasie Korporatiewe Bestuur	Uitvoerende Direkteur en Raadslid van Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) Lid: Onafhanklike Oudit- en Risikokomitee Openbare Dienste SETA Lid: Oudit- en Risikokomitee Bestuurderslisensie-handelsentiteit (DLCA)	Ouditkomitee	[8]	3 van 5

Naam	Aanwysing (Ingevolge die Openbare Entite- itsraadstruktuur)	Datum aange- wys	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Kundighedsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Aantal verga- derings gehou	Aantal vergade- rings by- gewoon
Mnr P Mukheli (voortgesit)					Omsigtigheid- sondersoek in municipale entiteite Geïntegreerde interne auditmodelle Openbare sektor ouditering Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) Voorkeurverkry- gingsraamwerk Blootstelling aan finansiële diensomgewing (Bankwese)				

Naam	Aanwysing (Ingevolge die Openbare Entite- itsraadstruktuur)	Datum aange- wys	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Kundighedsgebied	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Ander komitees (bv. Ouditkomitee)	Aantal verga- derings gehou	Aantal vergade- rings by- gewoon
Mnr A Seymour	Ouditkomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid	1 Maart 2022	28 Feb 2025	BComm (Rekeningkunde) Hons BCompt Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika) Bankraad Leierskapontwikkelingsprogram	Bestuur: Strategiese Beplanning en Bestuur Finansiële verslagdoening en Tesourie Besigheidsoplos- sings Bestuur behoud van Kliënte	Direkteur: Boland 90 Interklub Stapkompetisie NW Direkteur: InnesFree Capital (Edms.) Bpk Direkteur: Caban Capital Partners P\A	Ouditkomitee	8	8

Lidmaatskap van die Raad en Komitee soos op 31 Maart 2024

Komitee	Aantal vergaderings gehou	Aantal lede	Naam van lede
Raad	14	7	Mnr CA Bassuday (Voorsitter) Mnr M Burton (Lid) Me C Fani (Ondervoorsitter) Mnr T Arendse (Lid) Me A Mvandaba (Lid) Mnr RG Nicholls (Lid) Me L Venter (Lid)
Ouditkomitee	8	3	Mnr L Nene (Voorsitter) [Heraangestel as Komiteelid op 13 Maart 2024.] Mnr AC Seymour (Eksterne Nie-uitvoerende Lid) Mnr P Mukheli (Eksterne Nie-uitvoerende Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 5 Junie 2023] Mnr RG Nicholls (Raadslid) [Raad se Verteenwoordiger (sonder stemreg) by die Ouditkomitee]
Casino-Komitee	4	3	Mnr C Bassuday (Voorsitter) Me C Fani (Lid) Mnr T Arendse (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Me L Venter (Lid) [Vervang deur Mnr Arendse 25 April 2023]
Finansies en IT-Komitee	6	3	Mnr M Burton (Voorsitter) [Aangestel as Komiteelid en Voorsitter vanaf 25 April 2023] Mnr RG Nicholls (Lid) Mnr C Bassuday (Lid) Mnr T Arendse (Lid) [Vervang deur Mnr Burton 25 April 2023]
Perdewedrenne en Weddery-komitee	4	3	Mnr T Arendse (Voorsitter) Me C Fani (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Mnr M Burton (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Mnr RG Nicholls (Lid) [Vervang deur Mnr Burton 25 April 2023] Mnr C Bassuday (Lid) [Vervang deur Me Fani 25 April 2023]
Komitee vir Mensekapitaal	4	3	Me C Fani (Voorsitter) Me A Mvandaba (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Me L Venter (Lid) Mnr T Arendse (Lid) [Vervang deur Me Mvandaba 25 April 2023]
Lisensiërings-komitee	6	3	Mnr RG Nicholls (Voorsitter) [Aangestel as Voorsitter vanaf 25 April 2023] Me A Mvandaba (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Me L Venter (Lid) Me C Fani (Lid) [Vervang deur Me Mvandaba 25 April 2023]

Komitee	Aantal vergaderings gehou	Aantal lede	Naam van lede
BUM-Komitee	6	3	Me L Venter (Voorsitter) Me A Mvandaba (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Mnr M Burton (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023] Me C Fani (Lid) [Vervang deur Me Mvandaba 25 April 2023] Mnr RG Nicholls (Lid) [Vervang deur Mnr Burton 25 April 2023]
Verantwoordelike Dobbelarykomitee (VDK)	4	4	Mnr T Arendse (Voorsitter) Mnr C Bassuday (Lid) Me L Venter (Lid) Mnr RG Nicholls (Lid) [Aangestel as Komiteelid vanaf 25 April 2023]

VERGOEDINGSREËLINGS VIR DIE RAAD

Raadsvergaderings:

'n Gewone of spesiale vergadering waar die Raad besluit oor sake wat binne sy statutêre bevoegdhede en funksies val.

Die vergoeding vir Raadsvergaderings is 'n vaste bedrag van **R4 999.36**, ongeag die duur van die vergadering en sluit alle voorbereiding en reistyd in. Raadslede word vergoed vir kilometers wat vir werk afgelê is.

Vergoeding betaalbaar vir bywoning van Raadsvergaderings deur die Voorsitter, Ondervoorsitter en Waarnemende Voorsitter word hieronder uiteengesit:

VOORSITTER:

Raadsvergaderings: **R6 433.92** per vergadering.
Raadskomitees en ander geleenthede: **R804.24** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

ONDERVOORSITTER:

Raadsvergaderings: **R4 999.36** per vergadering.
Raadskomitees en ander geleenthede: **R624.92** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

OPTREDE AS VOORSITTER :

Raadsvergaderings: **R5 601,52** per vergadering.
Raadskomitees en ander geleenthede: **R700.19** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Raadskomitees en ander geleenthede:

- Die vergoeding vir ander vergaderings en geleenthede, soos komiteevergaderings en openbare verhore, is op 'n uurlikse tarief gebaseer. Benewens die tyd wat aan bywoning afgestaan is, word tyd wat aan voorbereiding en reistyd afgestaan is vergoed, asook kilometers afgelê.
- Die uurlikse bedrag is **R624.92** per uur.
- Hierdie vergoeding is betaalbaar tot die ekwivalent van 'n maksimum van 8 uur, plus kilometers afgelê.
- Lede moet aan die begin van elke vergadering hul voorbereidingstyd vir 'n spesifieke vergadering aan die Sekretaris aandui.
- Die kilometers afgelê, in gevalle waar die roetes verskil het van die gewone roete na die kantoor van die Raad, word ook individueel aan die Raadsekretaris aangedui.

VERGOEDING AAN RAADSLEDE

Naam	Vergoeding – Raadsvergaderings	Vergoeding – Komiteevergaderings en ander*	Vergoeding – Konferensie-bywoning	Verblyftoelae	Ander terugbetalings	Totale vergoeding aan lede
	R	R	R	R	R	R
Mnr TC Arendse	69 991.04	94 265.99	75 409.10	15 513.98	6 718.86	261 898.97
Mnr CA Bassuday	90 074.88	123 917.30	82 230.54	27 938.83	7 316.19	331 480.74
Mnr M Burton	59 992.32	92 433.98	34 995.52	4 069.01	3 448.27	194 939.10
Me C Fani	59 992.32	59 621.34	41 450.94	4 069.01	3 570.62	168 704.43
Me A Mvandaba	49 993.60	36 666.13	4 999.36	-	1 457.11	93 116.20
Mnr RG Nicholls	69 991.04	95 564.84	43 900.63	4 069.01	3 162.58	216 688.10
Me L Venter	59 992.32	77 542.14	81 133.36	18 403.56	7 485.59	244 556.97
Totaal	460 027.52	580 011.92	364 122.45	74 063.40	33 159.22	1 511 384.51

* Sluit byvoorbeeld ad hoc-vergaderings buite Raads- en Komiteevergaderings in – vergaderings met Provinsiale Tesourie en die Provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentheid, asook tyd wat aan ander Raadsaangeleenthede bestee word.

BESLUIT DEUR STAANDE KOMITEE OP GROND VAN DIE 2022/23 JAARVERSLAG

Daar was geen besluite van die Openbare Rekeningkomitee (ORK) by die vergadering wat op 1 Desember 2023 gehou is nie.

STAANDE KOMITEE VIR FINANSIES, EKONOMIESE GELEENTHEDE EN TOERISME-RESOLUSIES OP GROND VAN DIE 2022/23 JAARVERSLAG		
Datum van besluit	Besonderhede	Vordering met instelling
26 Oktober 2023	1.1.2 'n Gedetailleerde verslag van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne oor die tegniese vernuwings wat moontlike risiko's in die dubbelsektor sal inhou, en die soort regulasies wat dit sal vereis.	Ingestel.

5. RISIKOBESTUUR

Die Raad is daartoe verbind om 'n instansie te vestig wat verseker dat risikobestuur 'n integrale deel van al sy aktiwiteite asook 'n noodsaaklike vaardigheid is. Ondernemingsrisikobestuur (ORB) het ten doel om die voortgesette groei en sukses van die Raad te verseker. Die ORB-funksie help op alle vlakke van die administrasie om die Raad se strategiese uitkomst te bereik deur 'n stelselmatige benadering van evaluering en verbetering van risikobestuur en -beheer se doeltreffendheid.

Die ORB is ontwerp om moontlike gebeurtenisse en neigings (gedefinieer as risiko's) te bepaal wat 'n positiewe of negatiewe invloed op die Raad se vermoë kan hê om sy strategiese uitkomst te bereik of

sy bedrywighede te handhaaf. Ten einde redelike versekering te verskaf dat die Raad sy doelwitte kan bereik word risiko's deur die ORB-proses teenoor die Raad se risikotoleransievlak bepaal.

Die Raad se doelwitte vir risikobestuur sluit in:

- Integrasie van risikobestuur in die lig van die WKRDW se kultuur en strategiese besluitneming;
- Om veranderende maatskaplike, omgewings- en wetgewende toestande vooruit te loop en daarop te reageer;
- Risikobestuur in ooreenstemming met beste praktyk, en om omsigtigheid in besluitneming te toon;
- Om wetlike nakoming as 'n minimum standaard voorop te stel;
- Om die koste van risikobestuur teenoor die verwagte voordele te balanseer; en
- Bewusmaking van die behoefte aan risikobestuur.

Die Raad en Uitvoerende Komitee is verantwoordelik om toesig oor risikobestuur in die Raad te hou, terwyl die Uitvoerende Komitee bestuursondersteuning verskaf, asook advies oor beleide wat ingestel en deur die Raad goedgekeur is. As deel van die Raad se jaarlikse strategiese sessie hersien hy jaarliks, in samewerking met die Uitvoerende Komitee, sy strategiese risiko's, Jaarlikse Prestasieplan en doelwitte. Hierdie risiko's word dan op 'n kwartaallike basis hersien om versagtende beheermaatreëls in te stel en om te verseker dat alle risiko's wat bepaal is, op aanvaarbare toleransievlakke bestuur word.

Die aangestelde risikobestuursbeampte van die Raad berus by die senior administratiewe beampte in die kantoor van die Hoof Finansiële Beampte en is verantwoordelik vir die administrasie van die risikoregister en kwartaallike risikoverslae. Die Risikobestuurskomitee bestaan uit die volle Uitvoerende Komitee. Die Risikobestuurskomitee vergader kwartaalliks om die Raad se belangrikste strategiese risiko's en enige ontluikende risiko's wat bepaal is, asook die status van versagtende aksieplanne ter tafel te lê. Belangrike strategiese risiko's, versagtende aksies, sowel as ontluikende risiko's, word kwartaalliks aan die Ouditkomitee en die FIT-komitee aangemeld. Alle FIT-komitee- en Ouditkomiteevergaderings word deur die Hoofuitvoerende Beampte, die Hoof Finansiële Beampte en die risikobeampte wat formeel by elke vergadering aan die komitee verslag doen, bygewoon.

Die subkomitee van die Raad en die FIT-komitee hersien die risiko's en die risikoregister en spesiale aandag word aan ontluikende risiko's gegee. Die Ouditkomitee dien as die Risikokomitee en het, onder meer, toesig oor die Raad se risiko's. 'n Ouditfunksionaris wat op kontrakbasis werk, staan die Risikokomitee by en doen aan die Raad verslag.

Gedurende die finansiële oorsigtydperk het die Kantoor van die Raad die volgende gedoen:

- Die Risikovolwassenheid en die ORB-risikobeleid hersien.
- Die Risikoregister kwartaalliks deur die UK hersien.
- Kwartaallike verslag aan die Oudit- en Risikokomitee en die FIT-komitee gelewer.

Die belangrikste strategiese risiko's wat die Raad in die gesig staar word hieronder uiteengesit, asook die relevante versagtende beheermaatreëls wat ingestel is:

Strategiese risiko's	Versagtende kontroles
SR1: Onvermoë van die entiteit om sy mandaat na te kom.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Befondsing ingevolge die WOFB. 2. Voldoende begrotingsproses (hulpbronbeplanning) . 3. Die PT-regsdienste het menings uitgespreek oor tydlyne vir tydige aanstelling van Raadslede. 4. Status van Raadslede se aanstellings word by die SKD bespreek. 5. Die Raad herskeduleer vergaderings en maak, in noodgevalle, gebruik van rondomtalie-prosesse om te verseker dat die Raad doeltreffend bly. 6. Alle Raadslede se poste is gevul en drie lede se termyne is tot 31 Maart 2024 verleng. Twee nuwe lede is vir vier jaar aangestel.

Strategiese risiko's	Versagende kontroles
SR2: Ondoeltreffende en oneffektiewe entiteit.	<ol style="list-style-type: none"> Hersiening van die Wet wanneer nodig en doen voorleggings aan die PT en Minister wat wysigings aan die Wet aanbeveel soos en wanneer geregverdig. Skakeling met lisensiehouers om interpretasie van wetgewing te verduidelik. Regsadvies/menings wanneer nodig. Status van Raadslede se aanstellings by die SKD bespreek Befondsing ingevolge die WOFB. Voldoende begrotingsproses (hulpbronbeplanning). Multi-vlak hersieningsproses. Instelling van die vaardigheidsplan in die werksplek (WVP). Ondervraging en hersiening van inligting deur verskeie sub-komitees van die Raad. Byeenkomste van belanghebbendes waar nodig. Die WVP, opleiding, konferensies, nasionale forums. Kwartaallike skakeling tussen Minister en die voorsitter van die WKRDW.
SR3: Ondoeltreffende en oneffektiewe benutting van die entiteit se hulpbronne.	<ol style="list-style-type: none"> Die WVP, opleiding, konferensies, nasionale forums. Behoorlike beplanning en begrotingsprosesse . Gereelde skakeling met personeel. Tydlike werknemers in diens geneem om te help Herstruktureer werklading om oormatige werksdruk te verlig.
SR4: Verlies van vertroue deur belanghebbendes.	<ol style="list-style-type: none"> Deurlopende relevante interaksie met belanghebbendes. Skakeling met die publiek.
SR5: Ontwrigting van belangrike sakebedrywighede.	<ol style="list-style-type: none"> 'n Bestuursplan vir kontinuïteit om belangrike dienste van die bedryf na 'n ramp of ernstige gebeurtenis te onderhou. 'n Kontinuïteitsplan om ontwrigtings in die WKRDW se sakebedrywighede te hanteer is hersien.
SR6: Nie-nakoming van wetgewende voorskrifte.	<ol style="list-style-type: none"> Gereelde hersiening, konsultasie en goedkeuring van beleide en prosedures met belanghebbendes. Regsafdeling teken op regspublikasies in. Nasionale en Provinsiale Tesourie stuur praktyknotas en omsendbriewe uit. Ontwikkeling van nuwe beleide in oorleg met belanghebbendes. Oriëntering van nuwe personeel en raadslede. Kommunikasie en werkswinkel oor nuwe beleide en veranderings in beleide. Interne beleide op die Intranet gepubliseer en eksterne beleide op die Internet. Deelname aan industrie en regulatoriese forums. Opleiding en werksinkels oor beleide en wetgewing.
SR7: Kan nie geskikte kantoorverblyf verseker nie.	<ol style="list-style-type: none"> Bystand van die Dvl verkry om as projekbestuurder op te tree om die nuwe gebou toe te rus. Projekplan is deur die Dvl ontwikkel om die gebou toe te rus. Fondse beskikbaar.
SR8: Ongeskikte persone word vir lisensiering aanbeveel.	<ol style="list-style-type: none"> Verklaring van belange-proses. Werkvaardigheidsplan bepaal opleidingsbehoefte vir personeel. Gebruk van interne en eksterne bevestigingsbronne. Standaard bedryfsprosedures. Hersieningsproses op verskillende vlakke.

Strategiese risiko's	Versagende kontroles
SR9: Onvermoë om nie-nakoming van wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes te bepaal.	<ol style="list-style-type: none"> Bywoning van bedryfspesifieke konferensies, werksinkels en opleidingsforums, beide nasionaal en internasionaal. Verklaring van belange deur personeel. Nakoming van die departementele SBP en MH-beleide . Gereelde vergaderings met hoofde na oudits. Hersieningsproses op verskeie vlakke. Gereelde skakeling met belanghebbendes in die bedryf.
SR10: Onvermoë om onwettige dobbelbedrywighede op te spoor en te sluit.	<ol style="list-style-type: none"> Gereelde skakeling met wetstoepassingsinstansies. Bywoning van vergaderings van die Handhawingsforum. Opleiding verskaf aan Handhawingsbeamptes waar nodig. Netwerk van verskaffers van vertroulike inligting. Jaarlikse Handhawingswerkswinkel. Opvolg van bewerings van onwettige dobbelary. Openbare bewusmakingsprogramme.
SR11: IKT-stelsels en -oplossings is nie funksioneel, betroubaar, vernuwend en veilig nie.	<ol style="list-style-type: none"> Behoorlike beplanning, begroting (sluit Finansiële en Menslike Hulpbronne in), kapasiteit (aantal personeellede) en vaardige hulpbronne. Sekuriteitskontroles ingestel. Beleide en prosedures ingestel. Deurlopende monitering, administrasie en bestuur van die IKT-omgewing. Instelling van die IKT RHP, kragopwekker en ononderbroke kragtoevoer-kapasiteit. Deurlopende opleiding, bywoning van seminare, vergaderings om talent te ontwikkel. Verslagdoening aan oorsigkomitees oor die IKT-ontwikkelings. Instelling van aanbevelings vir oorsig van kubersekuriteit. Gevestigde verhoudings met die vervaardiger van oorspronklike toerusting (VOT) vir enige vereistes vir toerusting/mislukkings/logistiek.

6. INTERNE BEHEERENHEID

Die Raad het nie 'n interne ouditeenheid nie, maar hierdie funksie word aan firmas met toepaslike ondervinding en professionele lidmaatskap by die Instituut van Interne Ouditeure, of die Onafhanklike Reguleringsraad vir Ouditeure, uitgekontraakteur. Die Direksie het MNB Geoktrooieerde Rekenmeesters as sy Interne Ouditeure tot 31 Julie 2025 aangestel.

7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE

Die risikobestuurstoetsing van die Raad is aan die Oudit- en Risikokomitee gedelegeer met die doel om die Raad by te staan om sy pligte volgens die WOFB na te kom.

Die Oudit- en Risikokomitee hou derhalwe toesig oor die volgende:

- Beleide wat risiko's bepaal, versag en beheer;
- 'n Aktiewe hersieningstelsel van beide risiko's en interne beheerstelsels;
- 'n Stelsel om ontluikende risiko's te bepaal en bestaande beheermaatreëls te evalueer;
- 'n Doeltreffende stelsel van interne beheer; en
- Hersiening en bestuur van onversekerde risiko's.

Die uitgekontraakteerde Interne Oudit Funkisionaris doen administratief aan die HUB verslag en funksioneel aan die Oudit- en Risikokomitee.

Internasionale Standaard vir die Professionele Praktyk van Interne Ouditkunde (IIA) 1312 vereis dat 'n eksterne beoordeling minstens een keer elke vyf jaar deur 'n gekwalifiseerde, onafhanklike assessor

of assesseringspan van buite die organisasie uitgevoer moet word. Die Raad se interne ouditfunksie is gedurende die 31 Maart 2022 finansiële jaar ooreenkomstig Standaard 1312 beoordeel. Die aanbevelings wat uit hierdie beoordeling voortspruit, word tans ingestel.

Bywoning van vergaderings deur lede van die Ouditkomitee word hieronder aangedui:

NAAM VAN LID	AANTAL VERGADERINGS BYGEWOON
1. Mnr L Nene [Aangestel vanaf 17 Februarie 2021 tot 16 Februarie 2024] [Heraangestel as lid 13 Maart 2024]	6 van 8
2. Mnr P Mukheli [Aangestel vanaf 5 Junie 2023 tot 8 Junie 2026]	3 van 5
3. Mnr A Seymour [Aangestel vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025]	8 van 8

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Raad	Datum aangestel	Datum bedank	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr L Nene	Baccalaureus in Handel - BCom (Rekeningkunde)	Ekstern	Nie van toepassing nie	17 Februarie 2018 13 Maart 2024 (Heraangestel)	Nie van toepassing nie	6
Mr P Mukhele	B.Compt. Hons CA(SA)	Ekstern	Nie van toepassing nie	5 Junie 2023	Nie van toepassing nie	3
Mr A Seymour	B.Compt. Hons CA(SA)	Ekstern	Nie van toepassing nie	1 Maart 2022	Nie van toepassing nie	8

8. NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES

Die Raad stel beleide en prosesse in om nakoming van alle relevante nakomingswette en -regulasies te verseker. Die Raad het die wette en regulasies waaraan hy verplig is om te voldoen bepaal en het 'n raamwerk ingestel om te verseker dat alle personeel al hierdie wette en regulasies nakom.

Die Raad se Regsdienste-afdeling onderskryf verskeie aanlyn instellings vir Regsdienste, wat kennisgewings van nuwe of gewysigde wetgewing verskaf en 'n forum bied om hofuitsprake van verskeie hofsake te bepaal. Die Regsafdeling bepaal veranderings via hierdie intekeninge en stel werknemers in kennis van die verandering en enige ontleding daarvan. Die Raad is nie vir enige oortredings van enige wette of regulasies vir die 2023/2024 finansiële jaar beboet nie.

9. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Raad het 'n Bedrog- en Anti-korrupsiebeleid ingestel wat vir die jaar onder oorsig hersien is. Die prosedures sluit 'n nasionale blitslyn en 'n anonieme aanmeldfasiliteit in. Die Raad se Bedrog- en Anti-Korrupsiekomitee is ingestel om enige aangemelde voorvalle van bedrog te hersien en die Kantoor van die Raad doen verslag oor enige aangemelde voorvalle aan die Finansiële en IT-komitee en die Oudit- en Risikokomitee.

10. MINIMALISERING VAN KONFLIK VAN BELANGE

Aan die begin van elke fiskale jaar, voltooi en verskaf die WKRDW-raadslede 'n lys van alle belange wat met hul pligte as Raadslede kan bots. Raadslede word verplig om voor elke raads- of komiteevergadering enige belang te verklaar wat hulle met enige aangeleentheid op die agenda mag hê.

Indien daar enige botsing van belange is moet Raadslede die Voorsitter in kennis stel en hulself óf onttrek óf aan die bespreking deelneem indien die Raad van mening is dat geen wesenlike konflik bestaan nie. Daar word ook van die WKRDW-werknemers vereis om enige botsing van belange by Raads- en Komiteevergaderings en tydens enige bespreking, onderhoud en besluite wat deur die Kantoor geneem is, te verklaar.

Die Raad gaan voort met sy pogings om onafhanklikheid te verseker sowel as om as onafhanklik beskou te word. Alle transaksies vind onafhanklik plaas en die bedryf is ten volle bewus van die Raad se praktyk om nie geskenke te aanvaar nie en dit word dus nie meer aan die Raad aangebied nie. Die ouditeur-generaal toets ook tydens die jaarlikse oudit vir enige botsing van belange.

11. GEDRAGSKODE

Die Gedragskode is die grondslag waarop die Raad sy missie uitleef om openbare geloof en vertroue vir 'n stabiele, regverdigde, konsekwente en doeltreffende regulatoriese omgewing te bevorder. Die Kode vereis hoë standaarde van dienslewering deur die Raad se personeel en gee leiding aan Raadslede vir beste praktyk en voortgesette verbetering in standaarde. Nakoming van die Gedragskode word streng toegepas en gemonitor, en enige oortredings daarvan word ingevolge die Raad se dissiplinêre kode en prosedure hanteer.

Alle werknemers en Raadslede het gereelike aanlyn toegang tot die Gedragskode via die Raad se intranet. Nuwe werknemers en Raadslede ontvang by aanvang van diens 'n Induksiepakket met die Gedragskode en elke individu moet per kwitansie ontvangs erken.

12. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSAKE

Die Raad het 'n gevestigde Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee (WBV-komitee) wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 ingestel is. Die WBV-komitee, het verteenwoordigers van alle departemente op die Raad en vergader deur die jaar op vasgestelde kwartaallike tussenposes om die Gesondheid- en Veiligheidsomgewing by die Raad te beoordeel en om enige aangeleenthede wat mag opduik te hanteer.

13. MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Raad het nie 'n Maatskappysekretaris nie. Mnr Brink is egter as Raadsekretaris aangestel.

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Terwyl die Raad self nie enige maatskaplike verantwoordelikhedsprogramme vir die jaar aangebied het nie, stel die Raad sekere voorwaardes aan lisensiehouers om te verseker dat hulpbronne toegewys word om arm gemeenskappe by te staan.

Die Raad is in vennootskap met verskeie maatskaplike regeringsinstellings en word by verskeie gemeenskapsuitreikprogramme verteenwoordig om gemeenskappe oor die Raad in te lig en hulle bewus te maak van die sosiale euwels van dobbel.

15. VERSLAG VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

Dit is vir ons aangenaam om ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2024 voor te lê.

Bywoning van Oudit- en Risikokomiteeledede

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit die lede wat hieronder gelys word en vergader, ooreenkomstig sy goedgekeurde opdrag, minstens 4 keer per jaar.

NAAM VAN LID	AANTAL VERGADERINGS BYGEWOON
1. Mnr L Nene [Aangestel vanaf 17 Februarie 2021 tot 16 Februarie 2024] [Heraangestel as lid 13 Maart 2024]	6 van 8
2. Mnr P Mukheli [Aangestel vanaf 5 Junie 2023 tot 8 Junie 2026]	3 van 5
3. Mnr A Seymour [Aangestel vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025]	8 van 8



Mnr A Seymour
Voorsitter van die Ouditkomitee

Gedurende die 2023/24 finansiële jaar is agt vergaderings gehou en lede se bywoning word hierbo aangedui.

Verantwoordelikheid van die Oudit- en Risikokomitee

Die Oudit- en Risikokomitee het sy verantwoordelikhede soos in Artikel 51(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur vervat en Tesourieregulasie 27.1.10 nagekom. Dit het toepaslike formele opdragte aanvaar want sy Oudit- en Risikokomiteehandves het sy mandaat en verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom.

Die Komitee het ten opsigte van sy eie nakoming van die vereiste funksies in ooreenstemming met die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur, sy eie handves en opdrag, die relevante Nasionale Tesourieregulasies en die Openbare Finansiële Bestuurwet, 'n jaarlikse self-evaluering gedoen. Dit het die vereistes nagekom.

Vergaderings

Die eksterne en interne ouditeure woon Komiteevergaderings by, het onbeperkte toegang tot die Komitee en sy Voorsitter en het, om hul onafhanklikheid te verseker, die geleentheid gehad om die Komitee toe te spreek sonder dat bestuur teenwoordig was.

Die komitee het verslae van die eksterne en interne ouditeure hersien, en verslag van die uitkomst is gereeld deur hul Ex Officio-vertegenwoordiger op die Oudit- en Risikokomitee aan die Raad voorgelê sowel as jaarliks aan die Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee.

Die Doeltreffendheid van Interne Beheer

Sekere swakhede van die Interne Oudit wat op risikobeoordelings gegrond was, het tydens ons bevindinge aan die lig gekom. Dit is toe na Bestuur verwys en regstellende stappe is ingestel of sal ingestel word om die risiko's te verminder.

Die beheermaatstelsel is ontwerp om kostedoeltreffende versekering te verskaf om te verseker dat bates beskerm word en dat laste en bedryfskapitaal doeltreffend bestuur word. Die stelsel wat deur die WKRDW vir finansiële risiko- en risikobestuur gebruik word, is effektief, doeltreffend en deursigtig.

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuursvereistes, gee Interne Oudit die Oudit- en Risikokomitee asook bestuur die versekering dat die interne beheermaatstelsel toepaslik en doeltreffend is. Dit word gedoen deur middel van die risikobestuurproses, sowel as om regstellende aksies en voorgestelde verbeterings van die kontroles en prosesse te bepaal.

Geen wesenlike tekortkominge in die interne beheerstelsel is in verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika bepaal nie.

Die Oudit- en Risikokomitee is tevrede dat die interne auditfunksie, wat uitgekонтakteer is, doeltreffend uitgevoer word en dat dit die versagtings of beheermaatstelsel met betrekking tot die risiko's wat op die WKRDW van toepassing is, in sy audit gedek het.

Die volgende interne auditwerk is gedurende die oorsigjaar voltooi:

'n Oorsig van die instelling en doeltreffendheid van interne beheermaatstelsel in die volgende fokusareas is gedurende die jaar gedoen:

- Hersiening van konsep Finansiële Jaarstate 2022/23;
- Hersiening van Prestasie-inligting oor Voorafbepaalde Doelwitte (VBD'e);
- Opvolgwerk oor vorige interne en eksterne auditbevindinge;
- Bestuur van Besigheidskontinuiteit;
- Oorsig van Kubersekeriteitsrisiko;
- Oorsig van Voorsieningskettingsbestuur;
- Oudit van Inkomste;
- Hersiening van die IT-afdeling;
- Hersiening van die Regulerende Voldoeningsafdeling;
- Hersiening van aktiwiteite van die Wes-Kaapse Raad vir Dobbelaar- en Wedrenne (WKRDW);
- Hersiening van die Kantoor van die Hoofuitvoerende Beampte;
- Hersiening van die Lisensiëringsafdeling;
- Hersiening van die Departement Administrasie en Finansies;
- Hersiening van die Regsafdeling; en
- Hersiening van die Menslike Hulpbronaafdeling.

In-jaar Bestuur en Kwartaallikse Verslag

Die WKRDW het kwartaallikse verslae by die Uitvoerende Gesag ingedien. Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse verslae wat gedurende die oorsigjaar deur die WKRGB voorberei en uitgereik is.

Finansiële Funksie

Die voorbereiding van finansiële verslae, insluitend die finansiële jaarstate, is onder toesig van Me Z Siwa, Hoof Finansiële Beampte (GR SA) voltooi. Die Komitee het dit nagegaan en is tevrede dat Me Siwa se kundigheid en ervaring toepaslik is.

Die Komitee het die verslae verder hersien en was tevrede dat die kundigheid binne die finansiële funksie toepaslik en doeltreffend was. Die Komitee het sy kommer oor die huidige kapasiteit en hulpbronnbeperkings van die finansiële funksie, relatief tot die behoeftes van die WKRDW, aan die Raad uitgespreek en verstaan dat die Raad die saak na die Uitvoerende Gesag verwys het.

Gekombineerde Versekering

Versekering word op 'n gekoördineerde wyse van 'n aantal versekeringsverskaffers verkry, om duplisering van pogings te vermy.

Die Interne Ouditplan word saamgestel deur gebruik te maak van 'n risiko-gebaseerde metodologie, in oorleg met bestuur. Daarbenewens werk interne en eksterne ouditeure op 'n samewerkende wyse. Vir die 2023/2024 finansiële jaar het die Komitee die risiko's wat deur bestuur aangebied word, oorweeg. Die Komitee het die planne van die interne auditfunksie, die eksterne ouditeure en die uitkoms van die auditwerk wat uitgevoer is, geëvalueer en goedgekeur.

Die Komitee is tevrede dat die onafhanklike verskaffers van versekering se werk wat, tesame met die interne beheer wat deur bestuur ontwerp is, voldoende is.

Evaluering van Finansiële State

Ons het:

- Die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat deur die WKRDW voorberei is om in die Jaarverslag ingesluit te word, met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, Bestuur en die Raad nagegaan en bespreek;
- Die Ouditeur-generaal se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- Die WKRDW-nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings nagegaan; en
- Aanpassings voortspruitend uit die oudit hersien.

Interne ouditeure

Die komitee het die onafhanklikheid en doeltreffendheid van die interne ouditfunksie oorweeg. Die Komitee het die Interne Oudithandves en die Interne Ouditplan vir 2024 hersien en goedgekeur en op grond van die verklarings wat deur die interne ouditeure gemaak is, is hy tevrede dat die versekering wat aan die Komitee verskaf is, in ooreenstemming met die Etiese Kode van die Instituut van Interne Ouditeure is.

Interne ouditverslae word by elke vergadering aan die Komitee voorgelê. Hierdie verslae is 'n weerspieëling van die interne beheeromgewing. Die Komitee is tevrede met die doeltreffendheid van Interne Oudit.

Eksterne ouditeure

Die Oudit- en Risikokomitee is tevrede met die eksterne ouditeure se onafhanklikheid en objektiwiteit. Die omvang van ander werk wat onderneem is en die nakoming van kriteria met betrekking tot onafhanklikheid of botsing van belange soos voorgeskryf deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (ORRO), word tydens die evaluering oorweeg.

Die komitee het die ouditstrategie vir die 2024-oudit vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel. Die Komitee het ook die prestasie en optrede van die eksterne ouditeure vir die verslagdoeningstydperk beoordeel en is tevrede met die gehalte van die eksterne ouditfunksie.

Die Komitee het die Raad se instellingsplan vir ouditnavrae wat in die vorige jaar geopper is hersien, en is tevrede dat die sake voldoende opgelos is.

Die Ouditkomitee stem saam en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekkings oor die Finansiële Jaarstate en is van mening dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar en saam met die verslag van die Ouditeur-generaal gelees word.



Mnr A Seymour

Voorsitter van die Ouditkomitee
Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne
Datum: 31 Julie 2024

16. PRESTASIE-INLIGTING OOR NAKOMING VAN DIE BBSEB

Die volgende tabel is in ooreenstemming met die nakoming aan die BBSEB-vereistes van die BBSEB-wet van 2013 en volgens die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging se riglyn voltooi.

Is enige relevante Kode van Goeie Praktyk (BBSEB-sertifikaatvlakke 1-8) met betrekking tot die volgende deur die Openbare Entiteit toegepas:		
Kriteria	Reaksie Ja/Nee	Bespreking
